

Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 542

Pretoria, 24 August
Augustus 2010

No. 33460

CONTENTS**INHOUD**

<i>No.</i>	<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>	<i>No.</i>	<i>Bladsy No.</i>	<i>Koerant No.</i>
GOVERNMENT NOTICE			GOEWERMENTSKENNISGEWING		
South African Revenue Service			Suid-Afrikaanse Inkomstediens		
<i>Government Notice</i>			<i>Goewermentskennisgewing</i>		
712			712		
Income Tax Act (58/1962): Agreement between the Republic of South Africa and the United Mexican States for the avoidance of double taxation and the prevention of fiscal evasion with respect to taxes on income.....			Inkomstebelastingwet (58/1962): Ooreenkoms tussen die Republiek van Suid-Afrika en die Verenigde Mexikaanse State vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belasting op inkomste.....		
	2	33460		3	33460

GOVERNMENT NOTICE**SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE**

No. 712

24 August 2010

INCOME TAX ACT, 1962**AGREEMENT BETWEEN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND THE UNITED MEXICAN STATES FOR THE AVOIDANCE OF DOUBLE TAXATION AND THE PREVENTION OF FISCAL EVASION WITH RESPECT TO TAXES ON INCOME**

In terms of section 108(2) of the Income Tax Act, 1962 (Act No 58 of 1962), read in conjunction with section 231(4) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 it is hereby notified that the Agreement for the avoidance of double taxation and the prevention of fiscal evasion with respect to taxes on income set out in the Schedule to this Notice has been entered into with the United Mexican States and has been approved by Parliament in terms of section 231(2) of the Constitution.

It is further notified in terms of paragraph 1 of Article 28 of the Agreement that the date of entry into force is 22 July 2010.

GOEWERMENTSKENNISGEWING

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

No. 712

24 Augustus 2010

INKOMSTEBELASTINGWET, 1962**OOREENKOMS TUSSEN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE VERENIGDE MEXIKAANSE STATE VIR DIE VERMYDING VAN DUBBELE BELASTING EN DIE VOORKOMING VAN FISKALE ONTDUIKING MET BETREKKING TOT BELASTINGS OP INKOMSTE**

Ingevolge artikel 108(2) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No 58 van 1962), saamgelees met artikel 231(4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 word hiermee kennis gegee dat die Ooreenkoms vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belasting op inkomste wat in die Bylae tot hierdie Kennisgewing vervat is, aangegaan is met die Verenigde Mexikaanse State en deur die Parlement goedgekeur is ingevolge artikel 231(2) van die Grondwet.

Daar word verder bekendgemaak dat ingevolge paragraaf 1 van Artikel 28 van die Ooreenkoms, die datum van inwerkingtreding 22 Julie 2010 is.

AGREEMENT BETWEEN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND THE UNITED MEXICAN STATES FOR THE AVOIDANCE OF DOUBLE TAXATION AND THE PREVENTION OF FISCAL EVASION WITH RESPECT TO TAXES ON INCOME

Preamble

The Republic of South Africa and the United Mexican States desiring to conclude an Agreement for the avoidance of double taxation and the prevention of fiscal evasion with respect to taxes on income,

HAVE AGREED as follows:

Article 1

Persons Covered

This Agreement shall apply to persons who are residents of one or both of the Contracting States, except as otherwise provided in the Agreement.

Article 2

Taxes Covered

1. This Agreement shall apply to taxes on income imposed on behalf of a Contracting State or of its political subdivisions irrespective of the manner in which they are levied.

2. There shall be regarded as taxes on income all taxes imposed on total income, or on elements of income, including taxes on gains from the alienation of movable or immovable property.

3. The existing taxes to which the Agreement shall apply are in particular:

(a) in Mexico:

the federal income tax; and
the business flat rate tax;

(hereinafter referred to as "Mexican tax");

(b) in South Africa:

(i) the normal tax;
(ii) the secondary tax on companies;
(iii) the withholding tax on royalties; and
(iv) the tax on foreign entertainers and sportspersons;

(hereinafter referred to as "South African tax").

OOREENKOMS TUSSEN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE VERENIGDE MEXIKAANSE STATE VIR DIE VERMYDING VAN DUBBELE BELASTING EN DIE VOORKOMING VAN FISKALE ONTDUIKING MET BETREKKING TOT BELASTINGS OP INKOMSTE

Aanhef

Die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Verenigde Mexikaanse State het, uit 'n begeerte om 'n Ooreenkoms te sluit vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste,

SOOS VOLG OOREENGEKOM:

Artikel 1

Persone Gedek

Hierdie Ooreenkoms is van toepassing op persone wat inwoners van een of van albei die Kontrakterende State is, behalwe soos anders in die Ooreenkoms bepaal.

Artikel 2

Belastings Gedek

1. Hierdie Ooreenkoms is van toepassing op belastings op inkomste opgelê namens 'n Kontrakterende Staat of namens sy staatkundige onderverdelings ongeag die wyse waarop hulle belastings gehef word.

2. Alle belastings opgelê op totale inkomste, of op elemente van inkomste, met inbegrip van belastings op winste uit die vervreemding van roerende of onroerende eiendom, word geag belastings op inkomste te wees.

3. Die bestaande belastings waarop die Ooreenkoms van toepassing is, is in die besonder:

(a) in Mexiko:

die federale inkomstebelasting; en
besigheidsbelasting teen eenvorme koers;

(hierna "Mexikaanse belasting" genoem); en

(b) in Suid-Afrika:

- (i) die normale belasting;
- (ii) die sekondêre belasting op maatskappye;
- (iii) die weerhoubelasting op tantième; en
- (iv) die belasting op buitelandse verhoogkunstenaars en sportpersone;

(hierna "Suid-Afrikaanse belasting genoem").

4. The Agreement shall apply also to any identical or substantially similar taxes that are imposed after the date of signature of the Agreement in addition to, or in place of, the existing taxes. The competent authorities of the Contracting States shall notify each other of any significant changes that have been made in their taxation laws.

Article 3

General Definitions

1. For the purposes of this Agreement, unless the context otherwise requires:
 - (a) the term "Mexico" means the United Mexican States, when used in a geographical sense it includes the territory of the United Mexican States, as well as the integrated parts of the Federation, the islands, including the reefs and cays in the adjacent waters, the islands of Guadalupe and Revillagigedo, the continental shelf and the seabed and sub-soil of the islands, cays and reefs, the waters of the territorial seas and the inland waters and beyond them the areas over which, in accordance with the international law, Mexico may exercise its sovereign rights of exploration and exploitation of the natural resources of the seabed, sub-soil and the supra-jacent waters, and the air space of the national territory to the extent and under conditions established by international law;
 - (b) the term "South Africa" means the Republic of South Africa and, when used in a geographical sense, includes the territorial sea thereof as well as any area outside the territorial sea, including the continental shelf, which has been or may hereafter be designated, under the laws of South Africa and in accordance with international law, as an area within which South Africa may exercise sovereign rights or jurisdiction;
 - (c) the terms "a Contracting State" and "the other Contracting State" mean Mexico or South Africa, as the context requires;
 - (d) the term "business" includes the performance of professional services and of other activities of an independent character;
 - (e) the term "company" means any body corporate or any entity that is treated as a body corporate for tax purposes;
 - (f) the term "competent authority" means:
 - (i) in Mexico, the Ministry of Finance and Public Credit; and
 - (ii) in South Africa, the Commissioner for the South African Revenue Service or an authorised representative of the Commissioner;
 - (g) the term "enterprise" applies to the carrying on of any business;
 - (h) the terms "enterprise of a Contracting State" and "enterprise of the other Contracting State" mean respectively an enterprise carried on by a resident of a Contracting State and an enterprise carried on by a resident of the other Contracting State;

4. Die Ooreenkoms is ook van toepassing op enige identiese of wesenlik soortgelyke belastings wat benewens en in plaas van die bestaande belastings opgelê word ná die datum van ondertekening van die Konvensie. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet mekaar in kennis stel van enige noemwenswaardige veranderinge wat aan hulle onderskeie belastingwette aangebring is.

Artikel 3

Algemene Woordomsrywings

1. Vir die doeleindes van hierdie Konvensie, tensy die samehang anders vereis:
 - (a) beteken die uitdrukking "Mexiko" die Verenigde Mexikaanse State, wanneer in 'n geografiese sin gebruik, omvat dit die landsgebied van die Verenigde Mexikaanse State, sowel as die geïntegreerde dele van die Federasie, die eilande, insluitende die riwwe en banke in die aangrensende waters, die eilande Guadeloupe en Revillagigedo, die kontinentale plat en die seebodem en ondergrond van die eilande, banke en riwwe, die waters van die territoriale seë en die binnelandse waters en verder daarvan die gebiede waaroor, in ooreenstemming met die volkereg, Mexiko sy soewereine reg mag uitoefen van eksplorاسie en ontginning van die natuurlike hulpbronne van die seebodem, ondergrond en boliggende waters, en die lugruim van die nasionale landsgebied tot die mate en ingevolge voorwaardes ingestel deur die volkereg.
 - (b) beteken die uitdrukking "Suid-Afrika" die Republiek van Suid-Afrika en, wanneer in 'n geografiese sin gebruik, sluit dit in die territoriale see daarvan sowel as enige gebied buite die territoriale see, insluitende die kontinentale plat, wat aangewys is en hierna aangewys kan word, ingevolge die wette van Suid-Afrika en in ooreenstemming met die volkereg, as 'n gebied waarbinne Suid-Afrika sy soewereine regte of jurisdiksie kan uitoefen.
 - (c) beteken die uitdrukkings "n Kontrakterende Staat" en "die ander Kontrakterende Staat" Mexiko of Suid-Afrika, na gelang die samehang vereis;
 - (d) sluit die uitdrukking "besigheid" in die uitvoering van professionele dienste en van ander bedrywighede van 'n onafhanklike aard in;
 - (e) beteken die uitdrukking "maatskappy" enige regspersoon of 'n entiteit wat vir belastingdoeleindes as 'n regspersoon behandel word;
 - (f) beteken die uitdrukking "bevoegde owerheid":
 - (i) in Mexiko, die Ministerie van Finansies en Openbare Krediet; en
 - (ii) in Suid-Afrika, die Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens of 'n gemagtigde verteenwoordiger van die Kommissaris;
 - (g) is die uitdrukking "onderneming" van toepassing op die dryf van 'n besigheid;
 - (h) beteken die uitdrukkings "onderneming van 'n Kontrakterende Staat" en "onderneming van die ander Kontrakterende Staat" onderskeidelik 'n onderneming gedryf deur 'n inwoner van die Kontrakterende Staat en 'n onderneming gedryf deur 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat;

- (i) the term "international traffic" means any transport by a ship or aircraft operated by a resident of a Contracting State, except when the ship or aircraft is operated solely between places in the other Contracting State;
- (j) the term "national", in relation to a Contracting State, means:
 - (i) any individual possessing the nationality or citizenship of that Contracting State; and
 - (ii) any legal person, partnership or association deriving its status as such from the laws in force in that Contracting State; and
- (k) the term "person" includes an individual, a company and any other body of persons that is treated as an entity for tax purposes.

2. As regards the application of the provisions of the Agreement at any time by a Contracting State, any term not defined therein shall, unless the context otherwise requires, have the meaning that it has at that time under the law of that State for the purposes of the taxes to which the Agreement applies, any meaning under the applicable tax laws of that State prevailing over a meaning given to the term under other laws of that State.

Article 4

Resident

1. For the purposes of this Agreement, the term "resident of a Contracting State" means any person who, under the laws of that State, is liable to tax therein by reason of that person's domicile, residence, place of management or any other criterion of a similar nature, and also includes that State and any political subdivision or local authority thereof. This term, however, does not include any person who is liable to tax in that State in respect only of income from sources in that State.

2. Where by reason of the provisions of paragraph 1 an individual is a resident of both Contracting States, then that individual's status shall be determined as follows:

- (a) the individual shall be deemed to be a resident only of the State in which a permanent home is available to the individual: if a permanent home is available to the individual in both States, the individual shall be deemed to be a resident only of the State with which the individual's personal and economic relations are closer (centre of vital interests);
- (b) if the State in which the centre of vital interests is situated cannot be determined, or if the individual has not a permanent home available in either State, the individual shall be deemed to be a resident only of the State in which the individual has an habitual abode;
- (c) if the individual has an habitual abode in both States or in neither of them, the individual shall be deemed to be a resident only of the State of which the individual is a national;
- (d) if the individual is a national of both States or of neither of them, the competent authorities of the Contracting States shall settle the question by mutual agreement.

- (i) beteken die uitdrukking “internasionale verkeer” enige vervoer deur ‘n skip of lugvaartuig bedryf deur ‘n inwoner van ‘n Kontrakterende Staat, buiten wanneer die skip of lugvaartuig bedryf word uitsluitlik tussen plekke in die ander Kontrakterende Staat;
- (j) beteken die uitdrukking “nasionaal”, met betrekking tot ‘n Kontrakterende Staat:
 - (i) enige individu wat die nasionaliteit of burgerskap van daardie Kontrakterende Staat het; en
 - (ii) enige regspersoon, vennootskap of vereniging wat sodanige status verkry uit wette wat in daardie Kontrakterende Staat van krag is; en
- (k) beteken die uitdrukking “persoon” ‘n individu, ‘n maatskappy en enige ander liggaam van persone wat vir belastingdoeleindes as entiteit behandel word.

2. Betreffende die toepassing te eniger tyd van die bepalings van die Ooreenkoms deur ‘n Kontrakterende Staat, het enige uitdrukking wat nie daarin omskryf is nie, tensy die samehang anders vereis, die betekenis wat ingevolge daardie Staat se reg op daardie tydstip daaraan geheg word vir doeleindes van die belastinge waarop die Ooreenkoms van toepassing is en enige betekenis ingevolge die toepaslike belastingwette van daardie Staat geniet voorrang bo ‘n betekenis aan die uitdrukking gegee kragtens ander wette van daardie Staat.

Artikel 4

Inwoner

1. Vir die doeleindes van hierdie Ooreenkoms beteken die uitdrukking “inwoner van ‘n Kontrakterende Staat” enige persoon wat kragtens die wette van daardie Staat daarin belastingpligtig is uit hoofde van daardie persoon se domisilie, verblyf, plek van bestuur of enige ander soortgelyke kriterium, en sluit dit ook daardie Staat en enige staatkundige onderafdeling of plaaslike owerheid daarvan in. Hierdie uitdrukking sluit egter nie ‘n persoon in nie wat in daardie Staat belastingpligtig is slegs ten opsigte van inkomste uit bronne in daardie Staat nie.

2. Waar ‘n individu uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 ‘n inwoner van albei Kontrakterende State is, word daardie individu se status soos volg bepaal:

- (a) die individu word geag ‘n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarin ‘n permanente tuiste tot die beskikking van die individu is: indien ‘n permanente tuiste in albei State tot die beskikking van die individu is, word die individu geag ‘n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarmee die individu se persoonlike en ekonomiese betrekkinge die nouste is (sentrum van wesenlike belange);
- (b) indien die setrum van wesenlike belange nie vasgestel kan word nie, of indien die individu nie ‘n permanente tuiste tot beskikking het in enigeen van die State nie, word die individu geag ‘n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarin die individu ‘n gebruikelike verblyfplek het;
- (c) indien die individu ‘n gebruikelike verblyfplek in albei State het, of in geeneen van hulle nie, word die individu geag ‘n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarvan die individu ‘n burger is;
- (d) indien die individu ‘n burger van albei State is, of van geeneen van hulle nie, beslis die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State die saak deur middel van onderlinge ooreenkoms.

3. Where by reason of the provisions of paragraph 1 a person other than an individual is a resident of both Contracting States, the competent authorities of the Contracting States shall by mutual agreement endeavour to settle the question and determine the mode of application of the Agreement to such person. In the absence of such agreement such person shall be considered to be outside the scope of the Agreement except for the provisions of Article 25.

4. A partnership or a trust is a resident of a Contracting State only to the extent that the income it derives is subject to tax in that State as the income of a resident, either in the hands of the partnership or trust, or in the hands of its partners, trustees or beneficiaries.

Article 5

Permanent Establishment

1. For the purposes of this Agreement, the term "permanent establishment" means a fixed place of business through which the business of an enterprise is wholly or partly carried on.

2. The term "permanent establishment" includes especially:

- (a) a place of management;
- (b) a branch;
- (c) an office;
- (d) a factory;
- (e) a workshop, and
- (f) a mine, an oil or gas well, a quarry or any other place of extraction or exploitation of natural resources.

3. The term "permanent establishment" likewise encompasses:

- (a) a building site, a construction, assembly or installation project or any supervisory activity in connection with such site or project, but only where such site, project or activity continues for a period of more than six months;
- (b) the furnishing of services, including consultancy services, by an enterprise through employees or other personnel engaged by an enterprise for such purpose, but only where activities of that nature continue (for the same or a connected project) within the Contracting State for a period or periods exceeding in the aggregate 183 days in any twelve-month period commencing or ending in the fiscal year concerned;
- (c) the performance of professional services or other activities of an independent character by an individual, but only where those services or activities continue within a Contracting State for a period or periods exceeding in the aggregate 183 days in any twelve-month period commencing or ending in the fiscal year concerned.

3. Waar 'n ander persoon as 'n individu uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 'n inwoner van albei Kontrakterende State is, moet die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State probeer om deur middel van onderlinge ooreenkoms die probleem op te los deur die wyse van toepassing van die Ooreenkoms op sodanige persoon te bepaal. By afwesigheid van sodanige ooreenkoms deur sodanige persoon word sodanige persoon geag buite die bestek van die Ooreenkoms te wees uitgesonderd die bepalings van Artikel 25.

4. 'n Vennootskap of 'n trust is 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat slegs in die mate dat die inkomste wat hulle verkry onderworpe is aan belasting in daardie Staat as die inkomste van 'n inwoner, hetsy in die hande van die vennootskap of trust, of in die hande van sy vennote, trustees of begunstigdes.

Artikel 5

Permanente Saak

1. Vir die doeleindes van hierdie Ooreenkoms beteken die uitdrukking "permanente saak" 'n besigheidsplek waardeur die besigheid van 'n onderneming geheel en al of gedeeltelik gedryf word.

2. Die uitdrukking "permanente saak" sluit veral in:

- (a) 'n plek van bestuur;
- (b) 'n tak;
- (c) 'n kantoor;
- (d) 'n fabriek;
- (e) 'n werkwinkel; en
- (f) 'n myn, 'n olie- of gasbron, 'n steengroef of enige ander plek wat betrekking het op die eksplorasië na of ontginning van natuurlike hulpbronne.

3. Eweneens omvat die uitdrukking "permanente saak":

- (a) 'n bousterrein, 'n konstruksie-, monteer- of installasieprojek of 'n toesighoudende bedrywigheid met betrekking tot sodanige terrein of projek, maar slegs indien sodanige terrein, projek of bedrywigheid vir langer as ses maande voortduur;
- (b) die lewering van dienste, met inbegrip van, konsultasiedienste, deur 'n onderneming deur middel van werknemers of ander personeel wat deur 'n onderneming vir sodanige doel in diens geneem word, maar slegs waar bedrywigheid van daardie aard binne die Kontrakterende Staat voortduur (vir dieselfde of 'n verwante projek) vir 'n tydperk of tydperk wat altesaam 183 dae in enige tydperk van twaalf maande wat in die betrokke fiskale jaar begin of eindig, te bowe gaan;
- (c) die verrigting van professionele dienste of van ander bedrywigheid van 'n onafhanklike aard deur 'n individu, maar slegs waar daardie dienste of bedrywigheid voortduur in 'n Kontrakterende Staat vir 'n tydperk of tydperke wat altesaam 183 dae binne enige tydperk van twaalf maande wat in die betrokke fiskale jaar begin of eindig, te bowe gaan.

For the purposes of computing the time limits referred to in this paragraph, the activities carried on by an enterprise associated with another enterprise within the meaning of Article 9 shall be aggregated with the period during which the activities are carried on by the associated enterprise, if the activities of both enterprises are identical or substantially similar.

4. Notwithstanding the preceding provisions of this Article, the term "permanent establishment" shall be deemed not to include:

- (a) the use of facilities solely for the purpose of storage, display or delivery of goods or merchandise belonging to the enterprise;
- (b) the maintenance of a stock of goods or merchandise belonging to the enterprise solely for the purpose of storage, display or delivery;
- (c) the maintenance of a stock of goods or merchandise belonging to the enterprise solely for the purpose of processing by another enterprise;
- (d) the maintenance of a fixed place of business solely for the purpose of purchasing goods or merchandise, or of collecting information, for the enterprise;
- (e) the maintenance of a fixed place of business solely for the purpose of advertising, supplying information, scientific research or similar activities which have a preparatory or auxiliary character, for the enterprise;
- (f) the maintenance of a fixed place of business solely for any combination of activities mentioned in subparagraphs (a) to (e), provided that the overall activity of the fixed place of business resulting from this combination is of a preparatory or auxiliary character.

5. Notwithstanding the provisions of paragraphs 1 and 2, where a person - other than an agent of an independent status to whom paragraph 7 applies - is acting on behalf of an enterprise and has, and habitually exercises, in a Contracting State an authority to conclude contracts in the name of the enterprise, that enterprise shall be deemed to have a permanent establishment in that State in respect of any activities which that person undertakes for the enterprise, unless the activities of such person are limited to those mentioned in paragraph 4 which, if exercised through a fixed place of business, would not make this fixed place of business a permanent establishment under the provisions of that paragraph.

6. Notwithstanding the foregoing provisions of this Article, an insurance enterprise of a Contracting State shall, except in regard to reinsurance, be deemed to have a permanent establishment in the other Contracting State if it collects premiums in the territory of that other State or insures risks situated therein through a person other than an agent of an independent status to whom paragraph 7 applies.

7. An enterprise shall not be deemed to have a permanent establishment in a Contracting State merely because it carries on business in that State through a broker, general commission agent or any other agent of an independent status, provided that such persons are acting in the ordinary course of their business and that in their commercial or financial relations with the enterprise conditions are not made or imposed that differ from those generally agreed to by independent agents.

Vir die doeleindes van berekening van die tydsbeperkinge bedoel in hierdie paragraaf, moet die bedrywighede gedryf deur 'n onderneming geassosieer met 'n ander onderneming binne die betekenis van Artikel 9 saamgevoeg word met die tydperk waartydens die bedrywighede uitgevoer word deur die geassosieerde onderneming, indien die bedrywighede van beide ondernemings identies of in hoofsaak soortgelyk is.

4. Ondanks voorgaande bepalings van hierdie Artikel, word die uitdrukking “permanente saak” geag nie in te sluit nie:

- (a) die gebruik van fasiliteite uitsluitlik met die doel om goedere of handelsware wat aan die onderneming behoort, te berg, te vertoon of af te lewer;
- (b) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelsware wat aan die onderneming behoort, uitsluitlik met die doel om dit te berg, te vertoon of af te lewer;
- (c) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelsware wat aan die onderneming behoort, uitsluitlik met die doel van verwerking deur 'n ander inwoner;
- (d) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik met die doel om vir die onderneming goedere of handelsware aan te koop of inligting in te win;
- (e) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik met die doel om vir die onderneming te adverteer, inligting te verskaf of wetenskaplike navorsing vir die onderneming te doen, met dien verstande dat die bedrywigheid van 'n voorlopige of bykomstige aard is.
- (f) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik vir enige kombinasie van bedrywighede genoem in subparagraawe (a) tot (e), mits die bedrywighede van die vaste besigheidsplek wat spruit uit hierdie kombinasie, oorwegend van 'n voorlopige of bykomstige aard is.

5. Ondanks die bepalings van paragraawe 1 en 2, waar 'n persoon – uitgesonderd 'n agent met 'n onafhanklike status op wie paragraaf 7 van toepassing is – namens 'n onderneming optree en magtiging het, en dit gewoonlik uitoefen, om in 'n Kontrakterende Staat kontrakte namens die onderneming te sluit, word daardie onderneming geag 'n permanente saak in daardie Staat te hê ten opsigte van enige bedrywighede wat daardie persoon vir die onderneming onderneem, tensy die bedrywighede van sodanige persoon beperk is tot dié in paragraaf 4 genoem wat, indien dit deur middel van 'n vaste besigheidsplek uitgeoefen word, nie hierdie vaste besigheidsplek ingevolge die bepalings van daardie paragraaf 'n permanente saak sou maak nie.

6. Ondanks die voorgaande bepalings van hierdie Artikel, word 'n versekeringsonderneming van 'n Kontrakterende Staat, behalwe in die geval van herversekering, geag 'n permanente saak in die ander Kontrakterende Staat te hê indien dit premies invorder in die gebied van daardie ander Staat of risiko's daarin geleë verseker deur middel van 'n verteenwoordiger uitgesonderd 'n agent met 'n onafhanklike status op wie paragraaf 7 van toepassing is.

7. 'n Onderneming word nie geag 'n permanente saak in 'n Kontrakterende Staat te hê bloot omdat dit in daardie Staat besigheid dryf deur middel van 'n makelaar, algemene kommissie-agent of enige ander agent met 'n onafhanklike status nie, met dien verstande dat sodanige persone in die gewone loop van hulle besigheid handel en dat die voorwaardes wat met betrekking tot hul handels- of finansiële betrekkinge met die onderneming gestel of opgelê word, nie verskil van dié wat in die algemeen deur onafhanklike agente gestel wou word nie.

8. The fact that a company which is a resident of a Contracting State controls or is controlled by a company which is a resident of the other Contracting State, or which carries on business in that other State (whether through a permanent establishment or otherwise), shall not of itself constitute either company a permanent establishment of the other.

Article 6

Income from Immovable Property

1. Income derived by a resident of a Contracting State from immovable property (including income from agriculture or forestry) situated in the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. The term "immovable property" shall have the meaning which it has under the law of the Contracting State in which the property in question is situated. The term shall in any case include property accessory to immovable property, livestock and equipment used in agriculture and forestry, rights to which the provisions of general law respecting landed property apply, usufruct of immovable property and rights to variable or fixed payments as consideration for the working of, or the right to work, mineral deposits, sources and other natural resources. Ships, boats and aircraft shall not be regarded as immovable property.

3. The provisions of paragraph 1 shall apply to income derived from the direct use, letting or use in any other form of immovable property.

4. The provisions of paragraphs 1 and 3 shall also apply to the income from immovable property of an enterprise.

Article 7

Business Profits

1. The profits of an enterprise of a Contracting State shall be taxable only in that State unless the enterprise carries on business in the other Contracting State through a permanent establishment situated therein. If the enterprise carries on business as aforesaid, the profits of the enterprise may be taxed in the other State but only so much of them as is attributable to:

- (a) that permanent establishment;
- (b) sales in that other State of goods or merchandise of the same or similar kind as the goods or merchandise sold through that permanent establishment.

However, the profits derived from the sales described in subparagraph (b) shall not be taxable in the other Contracting State if the enterprise demonstrates that such sales have been carried out for reasons other than obtaining a benefit under this Agreement.

2. Subject to the provisions of paragraph 3, where an enterprise of a Contracting State carries on business in the other Contracting State through a permanent establishment situated therein, there shall in each Contracting State be attributed to that permanent establishment the profits which it might be expected to make if it were a distinct and separate enterprise engaged in the same or similar activities under the same or similar conditions and dealing wholly independently with the enterprise of which it is a permanent establishment.

8. Die feit dat 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, beheer het oor of beheer word deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, of wat in daardie ander Staat besigheid dryf (hetsy deur middel van 'n permanente saak of andersins), beteken nie op sigself dat enigeen van die maatskappye 'n permanente saak van die ander is nie.

Artikel 6

Inkomste uit Onroerende Eiendom

1. Inkomste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit onroerende eiendom (met inbegrip van inkomste uit landbou of bosbou) wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Die uitdrukking "onroerende eiendom" het die betekenis wat daaraan geheg word ingevolge die reg van die Kontrakterende Staat waarin die betrokke eiendom geleë is. Die uitdrukking sluit in ieder geval in eiendom bykomstig by onroerende eiendom, lewende hawe en toerusting wat in landbou en bosbou gebruik word, regte waarop die bepalinge van die algemene reg betreffende grondbesit van toepassing is, vruggebruik van onroerende eiendom en regte op wisselende of vaste betalings as vergoeding vir die ontginning van, of die reg op die ontginning van, mineraalafsettings, bronne en ander natuurlike hulpbronne. Skepe en lugvaartuie word nie as onroerende eiendom beskou nie.

3. Die bepalinge van paragraaf 1 is van toepassing op inkomste verkry uit die regstreekse gebruik, verhuring of gebruik in enige ander vorm van onroerende eiendom.

4. Die bepalinge van paragrawe 1 en 3 is ook van toepassing op die inkomste uit onroerende eiendom van 'n onderneming.

Artikel 7

Besigheidswinste

1. Die winste van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat is slegs in daardie Staat belasbaar, tensy die onderneming in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë. Indien die onderneming soos voorgemeld besigheid dryf, kan die winste van die onderneming in die ander Staat belas word, maar slegs soveel daarvan as wat toeskryfbaar is aan:

- (a) daardie permanente saak;
- (b) verkope in daardie ander Staat van goedere en handelsware van dieselfde soort of soortgelykes as die goedere of handelsware wat daardie permanent saak verkoop.

Die winste verkry deur verkope beskryf in subparagraaf (b) is egter nie belasbaar in die ander Kontrakterende Staat nie indien die onderneming toon dat sodanige verkope uitgevoer is om ander redes as die verkryging van 'n voordeel ingevolge hierdie Ooreenkoms.

2. Behoudens die bepalinge van paragraaf 3, waar 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak wat daarin geleë is, word daar in elke Kontrakterende Staat aan daardie permanente saak die winste toegeskryf wat dit na verwagting sou kon behaal indien dit 'n afsonderlike en aparte onderneming was wat met dieselfde of soortgelyke voorwaardes besig is en geheel en al onafhanklik sake doen met die onderneming waarvan dit 'n permanente saak is en met alle ander persone.

3. In determining the profits of a permanent establishment, there shall be allowed as deductions expenses which are incurred for the purposes of the business of the permanent establishment, including executive and general administrative expenses so incurred, whether in the State in which the permanent establishment is situated or elsewhere. However, no such deduction shall be allowed in respect of amounts, if any, paid (otherwise than towards reimbursement of actual expenses) by the permanent establishment to the head office of the enterprise or any of its other offices, by way of royalties, fees or other similar payments in return for the use of patents or other rights, or by way of commission, for specific services performed or for management, or, except in the case of a banking enterprise, by way of interest on moneys lent to the permanent establishment. Likewise, no account shall be taken, in the determination of the profits of a permanent establishment, for amounts charged (otherwise than towards reimbursement of actual expenses), by the permanent establishment to the head office of the enterprise or any of its other offices, by way of royalties, fees or other similar payments in return for the use of patents or other rights, or by way of commission for specific services performed or for management, or, except in the case of a banking enterprise, by way of interest on moneys lent to the head office of the enterprise or any of its other offices.

4. In so far as it has been customary in a Contracting State to determine the profits to be attributed to a permanent establishment on the basis of an apportionment of the total profits of the enterprise to its various parts, nothing in paragraph 2 shall preclude that Contracting State from determining the profits to be taxed by such an apportionment as may be customary. The method of apportionment adopted shall, however, be such that the result shall be in accordance with the principles contained in this Article.

5. No profits shall be attributed to a permanent establishment by reason of the mere purchase by that permanent establishment of goods or merchandise for the enterprise.

6. For the purposes of the preceding paragraphs, the profits to be attributed to the permanent establishment shall be determined by the same method year by year unless there is good and sufficient reason to the contrary.

7. Where profits include items of income which are dealt with separately in other Articles of this Agreement, then the provisions of those Articles shall not be affected by the provisions of this Article.

Article 8

Shipping and Air Transport

1. Profits of a resident of a Contracting State from the operation of ships or aircraft in international traffic shall be taxable only in that State.

2. Profits referred to in paragraph 1 shall not include profits derived from the operation of hotels or a transport activity other than the operation of ships or aircraft in international traffic.

3. For the purposes of this Article, profits from the operation of ships or aircraft in international traffic shall include profits derived from the rental on a bare boat basis of ships or aircraft used in international traffic, if such profits are incidental to the profits to which the provisions of paragraph 1 apply.

3. In die vasstelling van die winste van 'n permanente saak word uitgawes wat vir doeleindes van die permanente saak aangegaan is, met inbegrip van bestuurs- en algemene administratiewe uitgawes aldus aangegaan, as aftrekkings toegelaat hetsy in die Kontrakterende Staat waarin die permanente saak geleë is of elders. Geen sodanige aftrekking word egter toegelaat ten opsigte van bedrae, as daar is, betaal (anders as tot vergoeding van werklike uitgawes) deur die permanente saak aan die hoofkantoor van die onderneming of enige van sy ander kantore, deur middel van tantième, gelde of ander soortgelyke betalings as beloning vir die gebruik van patente of ander regte, of deur middel van kommissie, vir spesifieke dienste verrig of vir bestuur, of, buiten in die geval van 'n bankonderneming, deur belasting op gelde geleen aan die permanente instelling. Eweneens sal geen rekening geneem word nie, in die bepaling van die winste van 'n permanente saak, vir bedrae geëis (anders as ter vergoeding van werklike uitgawes), deur die permanente saak van die hoofkantoor van die onderneming of enige van sy ander kantore, deur middel van tantième, gelde of ander soortgelyke betalings ter vergoeding vir die gebruik van patente of ander regte, of deur middel van kommissie vir spesifieke dienste verrig of vir bestuur, of, buiten in die geval van 'n bankonderneming, deur middel van rente op gelde geleen aan die hoofkantoor van die onderneming of enige van sy ander kantore.

4. Vir sover dit in 'n Kontrakterende Staat gebruiklik is om die winste wat aan 'n permanente saak toegeskryf moet word, vas te stel op die grondslag van 'n toedeling van die totale winste van die onderneming aan sy onderskeie dele, belet niks in paragraaf 2 daardie Kontrakterende Staat om die winste wat belas moet word deur sodanige toedeling as wat gebruiklik is, vas te stel nie. Die metode van toedeling wat aanvaar word, moet egter sodanig wees dat die resultaat in ooreenstemming is met die beginsels in hierdie Artikel vervat.

5. Geen winste word aan 'n permanente saak toegeskryf uit hoofde van die blote aankoop deur daardie permanente saak van goedere of handelsware vir die onderneming nie.

6. Vir die toepassing van die voorgaande paragrawe, word die winste wat aan die permanente saak toegeskryf moet word, jaar na jaar volgens dieselfde metode vasgestel, tensy daar goeie en afdoende rede vir die teendeel is.

7. Waar winste inkomste-items insluit wat afsonderlik in ander Artikels van hierdie Konvensie behandel word, word die bepalings van daardie Artikels nie deur die bepalings van hierdie Artikel geraak nie.

Artikel 8

Skeepvaart en Lugvervoer

1. Winste van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit die bedryf van skepe of lugvaartuie in internasionale verkeer, is slegs in daardie Staat belasbaar.

2. Winste bedoel in paragraaf 1 sluit nie winste in nie wat verkry is uit die bedryf van hotelle of 'n ander vervoerbedrywigheid as die bedryf van skepe of lugvaartuie in internasionale verkeer.

3. Vir die toepassing van hierdie Artikel, sluit winste uit die bedryf van skepe of lugvaartuie in internasionale verkeer winste in wat verkry is uit die verhuring op 'n geen-bemannings-basis van skepe of lugvaartuie gebruik in internasionale verkeer, indien sodanige winste bykomstig is by die winste waarop die bepalings van paragraaf 1 van toepassing is.

4. Profits of an enterprise of a Contracting State from the use or rental of containers (including trailers, barges and related equipment for the transport of containers) used for the transport in international traffic of goods or merchandise shall be taxable only in that State.

5. The provisions of paragraph 1 shall also apply to profits from the participation in a pool, a joint business or an international operating agency.

Article 9

Associated Enterprises

1. Where

- (a) an enterprise of a Contracting State participates directly or indirectly in the management, control or capital of an enterprise of the other Contracting State, or
- (b) the same persons participate directly or indirectly in the management, control or capital of an enterprise of a Contracting State and an enterprise of the other Contracting State,

and in either case conditions are made or imposed between the two enterprises in their commercial or financial relations which differ from those which would be made between independent enterprises, then any profits which would, but for those conditions, have accrued to one of the enterprises, but, by reason of those conditions, have not so accrued, may be included in the profits of that enterprise and taxed accordingly.

2. Where a Contracting State includes in the profits of an enterprise of that State - and taxes accordingly - profits on which an enterprise of the other Contracting State has been charged to tax in that other State and the profits so included are profits which would have accrued to the enterprise of the first-mentioned State if the conditions made between the two enterprises had been those which would have been made between independent enterprises, then that other State shall make an appropriate adjustment to the amount of the tax charged therein on those profits if it agrees with the adjustment made by the first-mentioned Contracting State. In determining such adjustment, due regard shall be had to the other provisions of this Agreement and the competent authorities of the Contracting States shall consult each other in accordance with the provisions of Article 24.

3. The provisions of paragraph 2 shall not apply in the case of fraud, gross negligence, or wilful default.

4. Winste van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat uit die gebruik of verhuring van houers (insluitende treilers, vragbote en verwante toerusting vir die vervoer van houers) gebruik vir die vervoer van goedere of handelsware in internasionale verkeer, is slegs in daardie Staat belasbaar.

5. Die bepalings van paragraaf 1 is ook van toepassing op winste uit die deelname aan 'n poel, 'n gesamentlike besigheid of 'n internasionale bedryfsagentskap.

Artikel 9

Verwante Ondernemings

1. Waar

- (a) 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat regstreeks of onregstreeks aan die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deelneem, of
- (b) dieselfde persone regstreeks of onregstreeks aan die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat en 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deelneem,

en voorwaardes in enigeen van die gevalle tussen die twee ondernemings met betrekking tot hul handels- of finansiële betrekkinge gestel of opgelê word wat verskil van dié wat tussen onafhanklike ondernemings gestel sou word, kan enige winste wat by ontstentenis van daardie voorwaardes aan een van die ondernemings sou toegeval het, maar as gevolg van daardie voorwaardes nie aldus toegeval het nie, by die winste van daardie onderneming ingesluit en dienooreenkomstig belas word.

2. Waar 'n Kontrakterende Staat by die winste van 'n onderneming van daardie Staat winste insluit – en dit dienooreenkomstig belas – waarop 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat in daardie ander Staat belas is en die winste aldus ingesluit winste is wat aan die onderneming van eersgenoemde Staat sou toegeval het indien die voorwaardes tussen die twee ondernemings gestel, dieselfde was as dié wat tussen onafhanklike ondernemings gestel sou gewees het, moet daardie ander Staat, indien hy saamstem met die aanpassing gemaak deur die eersgenoemde Staat, die bedrag van die belasting wat op daardie winste gehef word, toepaslik aanpas. By die vasstelling van sodanige aanpassing, moet die ander bepalings van hierdie Ooreenkoms behoorlik in ag geneem word en die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State mekaar raadpleeg in ooreenstemming met die bepalings van Artikel 24.

3. Die bepalings van paragraaf 2 is nie van toepassing in die geval van bedrog, growwe nalatigheid of kwaadwillige versuim nie.

Article 10***Dividends***

1. Dividends paid by a company which is a resident of a Contracting State to a resident of the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. However, such dividends may also be taxed in the Contracting State of which the company paying the dividends is a resident and according to the laws of that State, but if the beneficial owner of the dividends is a resident of the other Contracting State, the tax so charged shall not exceed:

- (a) 5 per cent of the gross amount of the dividends if the beneficial owner is a company which holds at least 10 per cent of the capital of the company paying the dividends; or
- (b) 10 per cent of the gross amount of the dividends in all other cases.

The competent authorities of the Contracting States shall by mutual agreement settle the mode of application of these limitations.

This paragraph shall not affect the taxation of the company in respect of the profits out of which the dividends are paid.

3. The term "dividends" as used in this Article means income from shares or other rights participating in profits (not being debt-claims), as well as income from other corporate rights which is subjected to the same taxation treatment as income from shares by the laws of the State of which the company making the distribution is a resident.

4. The provisions of paragraphs 1 and 2 shall not apply if the beneficial owner of the dividends, being a resident of a Contracting State, carries on business in the other Contracting State of which the company paying the dividends is a resident through a permanent establishment situated therein and the holding in respect of which the dividends are paid is effectively connected with such permanent establishment. In such case the provisions of Article 7 shall apply.

5. Where a company which is a resident of a Contracting State derives profits or income from the other Contracting State, that other State may not impose any tax on the dividends paid by the company, except in so far as such dividends are paid to a resident of that other State or in so far as the holding in respect of which the dividends are paid is effectively connected with a permanent establishment situated in that other State, nor subject the company's undistributed profits to a tax on undistributed profits, even if the dividends paid or the undistributed profits consist wholly or partly of profits or income arising in such other State.

Artikel 10

Dividende

1. Dividende betaal deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Sodanige dividende kan egter ook belas word in die Kontrakterende Staat waarvan die Maatskappy wat die dividende betaal, 'n inwoner is, en wel ooreenkomstig die wette van daardie Staat, maar indien die voordelige eienaar van die dividende 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, gaan die belasting wat aldus opgelê word, nie die volgende te bowe nie:

- (a) 5 persent van die bruto bedrag van die dividende, indien die voordelige eienaar 'n maatskappy is wat regstreeks minstens 10 persent hou van die kapitaal van die maatskappy wat die dividende betaal;
- (b) 10 persent van die bruto bedrag van die dividende in alle ander gevalle.

Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet die wyse waarop hierdie beperkinge toegepas word, deur onderlinge ooreenkoms bepaal.

Hierdie paragraaf raak nie die belasting van die maatskappy ten opsigte van die winste waaruit die dividende betaal word nie.

3. Die uitdrukking "dividende" soos in hierdie Artikel gebruik, beteken inkomste uit aandele of ander regte wat in winste deel (wat nie skuldeise is nie) asook inkomste uit ander korporatiewe regte wat aan dieselfde belastingbehandeling as inkomste uit aandele onderwerp word deur die wette van die Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die uitkering doen, 'n inwoner is.

4. Die bepalinge van paragrawe 1 en 2 is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die dividende, wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, besigheid dryf in die ander Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die dividende betaal 'n inwoner is, deur middel van 'n permanente saak daarin geleë, en die aandelebesit ten opsigte waarvan die dividende betaal word, effektief verbonde is aan sodanige permanente saak. In sodanige geval is die bepalinge van Artikel 7 van toepassing.

5. Waar 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, winste of inkomste uit die ander Kontrakterende Staat verkry, hef daardie ander Staat nie belasting op die dividende betaal deur die maatskappy nie, behalwe vir sover sodanige dividende betaal word aan 'n inwoner van daardie ander Staat of vir sover die aandelebesit ten opsigte waarvan die dividende betaal word, effektief verbonde is aan 'n permanente saak in daardie ander Staat geleë, en onderwerp ook nie die maatskappy se onuitgekeerde winste aan 'n belasting op onuitgekeerde winste nie, selfs al bestaan die betaalde dividende of onuitgekeerde winste geheel een al of gedeeltelik uit winste of inkomste wat in sodanige ander Staat ontstaan.

Article 11

Interest

1. Interest arising in a Contracting State and paid to a resident of the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. However, such interest may also be taxed in the Contracting State in which it arises and according to the laws of that State, but if the beneficial owner of the interest is a resident of the other Contracting State, the tax so charged shall not exceed 10 per cent of the gross amount of the interest.

3. Notwithstanding the provisions of paragraph 2, interest referred to in paragraph 1 shall be exempt from tax in the Contracting State in which it arises, where:

- (a) the beneficial owner is a Contracting State, political subdivision, local authority or a Central Bank;
- (b) the interest is paid by any of the persons referred to in subparagraph (a);
- (c) the interest is paid in respect of a loan or credit for a period of no less than three years granted by, guaranteed or insured by a financial or a credit institution wholly owned by a Contracting State.

4. The term "interest" as used in this Article means income from debt-claims of every kind, whether or not secured by mortgage and whether or not carrying a right to participate in the debtor's profits, and in particular, income from government securities and income from bonds or debentures, including premiums and prizes attaching to such securities, bonds or debentures, as well as all other income that is treated as income from money lent by the laws of the Contracting State in which the income arises. The term "interest" shall not include any item of income which is considered as a dividend under the provisions of paragraph 3 of Article 10. Penalty charges shall be treated in accordance with the domestic law of each Contracting State.

5. The provisions of paragraphs 1, 2 and 3 shall not apply if the beneficial owner of the interest, being a resident of a Contracting State, carries on business in the other Contracting State in which the interest arises through a permanent establishment situated therein and the debt-claim in respect of which the interest is paid is effectively connected with such permanent establishment. In such case the provisions of Article 7 shall apply.

6. Interest shall be deemed to arise in a Contracting State when the payer is a resident of that State. Where, however, the person paying the interest, whether that person is a resident of a Contracting State or not, has in a Contracting State a permanent establishment in connection with which the indebtedness on which the interest is paid was incurred, and such interest is borne by such permanent establishment, then such interest shall be deemed to arise in the State in which the permanent establishment is situated.

7. Where, by reason of a special relationship between the payer and the beneficial owner or between both of them and some other person, the amount of the interest exceeds, for whatever reason, the amount which would have been agreed upon by the payer and the beneficial owner in the absence of such relationship, the provisions of this Article shall apply only to the last-mentioned amount. In such case, the excess part of the payments shall remain taxable according to the laws of each Contracting State, due regard being had to the other provisions of this Agreement.

Artikel 11

Rente

1. Rente wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in daardie ander Staat belas word.
2. Sodanige rente kan egter ook belas word in die Kontrakterende Staat waarin dit ontstaan en ooreenkomstig die wette van daardie Staat, maar indien die voordelige eienaar van die rente 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, gaan die belasting wat aldus opgelê is, nie 10 persent van die bruto bedrag van die rente te bowe nie.
3. Ondanks die bepalings van paragraaf 2 is rente bedoel in paragraaf 1, vrygestel van belasting in die Kontrakterende Staat waarin dit ontstaan, waar:
 - (a) die voordelige eienaar 'n Kontrakterende Staat, staatkundige onderafdeling, plaaslike owerheid of 'n Sentrale Bank is;
 - (b) die rente betaal word deur enige van die persone bedoel in subparagraaf (a);
 - (c) die rente betaal word ten opsigte van 'n lening of krediet vir 'n tydperk van minstens drie jaar verleen, gewaarborg of verseker deur 'n finansiële of 'n krediet-instelling wat ten volle besit word deur 'n Kontrakterende Staat.
4. Die uitdrukking "rente" soos in hierdie Artikel gebruik, beteken inkomste uit alle soorte skuldeise, hetsy gesekureer deur verband al dan nie, en hetsy dit die reg inhou om die skuldenaar se winste te deel al dan nie, en in die besonder, inkomste uit staatseffekte en inkomste uit obligasies of skuldbriewe, met inbegrip van premies en pryse aan sodanige effekte, obligasies of skuldbriewe verbonde, asook alle ander inkomste wat behandel word as inkomste uit geld geleen deur die wette van die Kontrakterende Staat waarin die inkomste ontstaan. Die uitdrukking "rente" sluit nie enige item van inkomste in nie wat beskou word as 'n dividend ingevolge die bepalings van paragraaf 3 van Artikel 10. Boeteheffings word behandel in ooreenstemming met die landsreg van elke Kontrakterende Staat.
5. Die bepalings van paragrawe 1, 2 en 3 is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die rente, wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat waarin die rente ontstaan, besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë en die skuldeis ten opsigte waarvan die rente betaal word, effektief verbonde is aan sodanige permanente saak. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.
6. Rente word geag in 'n Kontrakterende Staat te ontstaan wanneer die betaler 'n inwoner van daardie Staat is. Waar die persoon wat die rente betaal, hetsy daardie persoon 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is al dan nie, egter in 'n Kontrakterende Staat 'n permanente saak het in verband waarmee die verpligting ten opsigte waarvan die rente betaal word, aangegaan is, en sodanige rente deur sodanige permanente saak gedra word, word sodanige rente geag te ontstaan in die Staat waarin die permanente saak geleë is.
7. Waar, vanweë 'n besondere verband tussen die betaler en die voordelige eienaar of tussen hulle albei en 'n ander persoon, die bedrag van die rente, om watter rede ook al, die bedrag te bowe gaan waarop die betaler en die voordelige eienaar by ontstentenis van sodanige verband sou ooreengekom het, is die bepalings van hierdie artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing. In sodanige geval bly die oormaatdeel van die betalings belasbaar ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State, met behoorlike inagneming van die ander bepalings van hierdie Ooreenkoms.

8. If the law of a Contracting State calls for payment to be characterized in whole or in part as a dividend or limits the deductibility of such payment because of thin capitalization rules or because the relevant debt instrument includes an equity interest, the Contracting State may treat such payment in accordance with such law.

Article 12

Royalties

1. Royalties arising in a Contracting State and paid to a resident of the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. However, such royalties may also be taxed in the Contracting State in which they arise, and according to the laws of that State, but if the beneficial owner of the royalties is a resident of the other Contracting State, the tax so charged shall not exceed 10 per cent of the gross amount of the royalties.

The competent authorities of the Contracting States shall by mutual agreement settle the mode of application of this limitation.

3. The term "royalties" as used in this Article means payments of any kind received as a consideration for:

- (a) the use of, or the right to use, any patent, trade mark, design or model, plan, secret formula or process;
- (b) the use of, or the right to use, any industrial, commercial or scientific equipment;
- (c) the supply of information concerning industrial, commercial or scientific experience
- (d) the use of, or the right to use, any copyright of literary, artistic or scientific work, including cinematograph films and films, tapes or discs for television or radio broadcasting;
- (e) the reception of, or the right to receive, visual images or sounds, or both, for the purpose of transmission by:
 - (i) satellite;
 - (ii) cable, optic fibre or similar technology; or
- (f) the use of, or the right to use, in connection with television or radio broadcasting, visual images or sounds, or both, for the purpose of transmission to the public by:
 - (i) satellite; or
 - (ii) cable, optic fibre or similar technology.

Notwithstanding the provisions of Article 13, the term "royalties" also includes payments derived from the alienation of any such right or property which are contingent on the productivity, use or disposition thereof.

8. Indien die wet van 'n Kontrakterende Staat vereis dat 'n betaling ten volle of deels gekenmerk moet word as 'n dividend of die aftrekbaarheid van sodanige betaling beperk weens swak kapitalisasiereëls of omdat die tersaaklike skuldinstrument 'n ekwiteitsbelang insluit, kan die Kontrakterende Staat sodanige betaling behandel ooreenkomstig sodanige wet.

Artikel 12

Tantième

1. Tantième wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Sodanige tantième kan egter ook belas word in die Kontrakterende Staat waarin hulle ontstaan en ooreenkomstig die wette van daardie Staat, maar indien die voordelige eienaar van die tantième 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, gaan die belasting wat aldus opgelê word, nie 10 persent van die bruto bedrag van die tantième te bowe nie.

Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet die wyse waarop hierdie beperkinge toegepas word, deur onderlinge ooreenkoms bepaal.

3. Die uitdrukking "tantième" soos in hierdie Artikel gebruik, beteken betalings van enige soort ontvang as vergoeding vir:

- (a) die gebruik van, of die reg op die gebruik van enige patente, handelsmerk, ontwerp of model, plan, geheime formule of proses;
- (b) die gebruik van, of die reg op die gebruik van enige industriële, kommersiële of wetenskaplike toerusting;
- (c) die verskaffing van inligting betreffende industriële, kommersiële of wetenskaplike ondervinding;
- (d) die gebruik van, of die reg op die gebruik van, enige kopiereg van letterkundige, artistieke of wetenskaplike werk, met inbegrip van kinematograaffilms en films, bande of skywe vir televisie- of radio-uitsending.
- (e) die ontvangs van, of die reg op die ontvangs van, visuele beelde of klanke, of albei, vir die doel van oorsending deur:
 - (i) satelliet;
 - (ii) kabel, optiese vesel of soortgelyke tegnologie; of
- (f) die gebruik van, of die reg op die gebruik van, in verband met televisie- of radio-uitsending, visuele beelde of klanke, of beide, vir die doel van oorsending aan die publiek deur:
 - (i) satelliet; of
 - (ii) kabel, optiese vesel of soortgelyke tegnologie.

Ondanks die bepalings van Artikel 13 sluit die uitdrukking "tantième" betalings in wat verkry is uit die vervreemding van enige sodanige reg of eiendom wat afhanklik is van die produktiwiteit, gebruik of verhandeling daarvan.

4. The provisions of paragraphs 1 and 2 shall not apply if the beneficial owner of the royalties, being a resident of a Contracting State, carries on business in the other Contracting State in which the royalties arise through a permanent establishment situated therein and the right or property in respect of which the royalties are paid is effectively connected with such permanent establishment. In such case the provisions of Article 7 shall apply.

5. For purposes of this Article:

- (a) royalties shall be treated as arising in a Contracting State when the payer is a resident of that State for purposes of its tax. Where, however, the person paying the royalties, whether that person is a resident of one of the Contracting States or not, has in a Contracting State a permanent establishment in connection with which the liability to pay the royalties was incurred, and the royalties are borne by the permanent establishment, then the royalties shall be deemed to arise in the State in which the permanent establishment is situated;
- (b) where subparagraph (a) does not operate to deem royalties as arising in either Contracting State and the royalties relate to the use of, or the right to use, in one of the Contracting States, any property or right described in paragraph 3, they shall be deemed to arise in that State.

6. Where, by reason of a special relationship between the payer and the beneficial owner or between both of them and some other person, the amount of the royalties exceeds, for whatever reason, the amount which would have been agreed upon by the payer and the beneficial owner in the absence of such relationship, the provisions of this Article shall apply only to the last-mentioned amount. In such case, the excess part of the payments shall remain taxable according to the laws of each Contracting State, due regard being had to the other provisions of this Agreement.

Article 13

Capital Gains

1. Gains derived by a resident of a Contracting State from the alienation of immovable property referred to in Article 6 and situated in the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. Gains from the alienation of movable property forming part of the business property of a permanent establishment which an enterprise of a Contracting State has in the other Contracting State, including such gains from the alienation of such a permanent establishment (alone or with the whole enterprise), may be taxed in that other State.

3. Gains derived by a resident of a Contracting State from the alienation of ships or aircraft operated in international traffic or movable property pertaining to the operation of such ships or aircraft, shall be taxable only in that State.

4. Gains derived by a resident of a Contracting State from the alienation of shares deriving more than 50 per cent of their value directly or indirectly from immovable property situated in the other Contracting State may be taxed in that other State.

4. Die bepalings van paragrawe 1 en 2 is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die tantième, synde 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, besigheid dryf in die ander Kontrakterende Staat waarin die tantième ontstaan deur middel van 'n permanente instelling daarin geleë en die reg of eiendom ten opsigte waarvan die tantième betaal word, doeltreffend verbind is met sodanige permanente saak. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.

5. Vir die doeleindes van hierdie Artikel:

- (a) word tantième behandel asof dit in 'n Kontrakterende Staat ontstaan het wanneer die betaler 'n inwoner van daardie Staat is vir die doeleindes van sy belasting. Waar die persoon wat die tantième betaal, hetsy daardie persoon 'n inwoner van een van die Kontrakterende State is of nie, egter in 'n Kontrakterende Staat 'n permanente instelling het in verband waarmee die verpligting om die tantième te betaal aangegaan is en die tantième gedra word deur die permanente instelling, dan word die tantième geag te ontstaan in die Staat waarin die permanente instelling geleë is.
- (b) waar subparagraaf (a) nie die uitwerking het om tantième te ag in beide Kontrakterende State te ontstaan nie en die tantième betrekking het op die gebruik, of die reg op die gebruik, in een van die Kontrakterende State, van enige eiendom of reg beskryf in paragraaf 3, word hulle geag in daardie Staat te ontstaan.

6. Waar vanweë 'n besondere verband tussen die betaler en die voordelige eienaar of tussen hulle albei en 'n ander persoon, die bedrag van die tantième, om watter rede ook al, die bedrag te bowe gaan waarop die betaler en die voordelige eienaar by ontstentenis van sodanige verband sou ooreengekom het, is die bepalings van hierdie Artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing. In sodanige geval bly die oormaat deel van die betalings belasbaar ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State, met behoorlike inagneming van die ander bepalings van hierdie Ooreenkoms.

Artikel 13

Kapitaalwinste

1. Winste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit die vervreemding van onroerende eiendom wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Winste uit die vervreemding van roerende eiendom wat deel uitmaak van die besigheidseiendom van 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, met inbegrip van sodanige winste uit die vervreemding van so 'n permanente saak (alleen of tesame met die onderneming in sy geheel), kan in daardie ander Staat belas word.

3. Winste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit die vervreemding van skepe of lugvaartuie bedryf in internasionale verkeer of uit roerende eiendom wat betrekking het op die bedryf van sodanige skepe of lugvaartuie, is slegs belasbaar in die Kontrakterende Staat.

4. Winste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit die vervreemding van aandele wat meer as 50 persent van hulle waarde direk of indirek uit onroerende eiendom verkry wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie ander Staat belas word.

5. In addition to gains taxable in accordance with the provisions of the preceding paragraphs, gains derived by a resident of a Contracting State from the alienation of shares, participation or other rights in the capital of a company or other legal person that is a resident of the other Contracting State may be taxed in that other State if the recipient of the gain, at any time during the twelve month period preceding such alienation, together with all persons who are related to the recipient, had a participation of at least 25 per cent in the capital of that company or other legal person. However the tax so charged shall not exceed 20 per cent of the taxable gains.

6. Gains from the alienation of any property other than that referred to in the preceding paragraphs of this Article, shall be taxable only in the Contracting State of which the alienator is a resident.

Article 14

Income from Employment

1. Subject to the provisions of Articles 15, 17 and 18, salaries, wages and other similar remuneration derived by a resident of a Contracting State in respect of an employment shall be taxable only in that State unless the employment is exercised in the other Contracting State. If the employment is so exercised, such remuneration as is derived therefrom may be taxed in that other State.

2. Notwithstanding the provisions of paragraph 1, remuneration derived by a resident of a Contracting State in respect of an employment exercised in the other Contracting State shall be taxable only in the first-mentioned State if all the following conditions are met:

- (a) the recipient is present in the other State for a period or periods not exceeding in the aggregate 183 days in any twelve-month period commencing or ending in the fiscal year concerned, and
- (b) the remuneration is paid by, or on behalf of, an employer who is not a resident of the other State, and
- (c) the remuneration is not borne by a permanent establishment which the employer has in the other State.

3. Notwithstanding the preceding provisions of this Article, remuneration derived in respect of an employment exercised aboard a ship or aircraft operated in international traffic by a resident of a Contracting State, may be taxed in that State.

Article 15

Directors' Fees

Directors' fees and other similar payments derived by a resident of a Contracting State in that person's capacity as a member of the board of directors or any other similar organ of a company which is a resident of the other Contracting State may be taxed in that other State.

5. Benewens winste belasbaar in ooreenstemming met die bepalings van die voorgaande paragrawe, winste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit die vervreemding van aandele, deelname of ander regte in die kapitaal van 'n maatskappy of ander regspersoon wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, kan in daardie ander Staat belas word indien die ontvanger van die wins, te eniger tyd gedurende die twaalf-maande-tydperk wat sodanige vervreemding voorafgaan, tesame met alle persone wat verwant is aan die ontvanger, 'n deelname van minstens 25 persent in die kapitaal van daardie maatskappy of ander regspersoon gehad het. Die belasting so bereken mag nie 20 persent van die belasbare wins oorskry nie.

6. Winste uit die vervreemding van 'n ander eiendom as dié bedoel in die voorgaande paragrawe van hierdie Artikel, is belasbaar slegs in die Kontrakterende Staat waarvan die vervreemder 'n inwoner is.

Artikel 14

Inkomste uit 'n Diensbetrekking

1. Behoudens die bepalings van Artikels 15, 17 en 18, is salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking, slegs in daardie Staat belasbaar, tensy die diensbetrekking in die ander Kontrakterende Staat beoefen word. Indien die diensbetrekking aldus beoefen word, kan sodanige besoldiging as wat daar uit verkry word, in daardie ander Staat belas word.

2. Ondanks die bepalings van paragraaf 1, is besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking beoefen in die ander Kontrakterende Staat slegs in eersgenoemde Staat belasbaar indien al die volgende voorwaardes nagekom word:

- (a) die ontvanger in die ander Staat teenwoordig is vir 'n tydperk of tydperke wat altesaam nie 183 dae in 'n tydperk van twaalf maande, beginnende of eindigende in die betrokke fiskale jaar, te bowe gaan nie, en
- (a) die besoldiging betaal word deur, of namens, 'n werkgewer wat nie 'n inwoner van die ander Staat is nie, en
- (c) die besoldiging nie gedra word deur 'n permanente saak wat die werkgewer in die ander Staat het nie.

3. Ondanks die voorgaande bepalings van hierdie Artikel, kan besoldiging verkry ten opsigte van 'n diensbetrekking beoefen aan boord van 'n skip of lugvaartuig bedryf in internasionale verkeer deur 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat, in daardie Staat belas word.

Artikel 15

Direkteursgelde

Direkteursgelde en ander soortgelyke betalings verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat in daardie persoon se hoedanigheid van lid van die direksie of 'n soortgelyke orgaan van 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, kan in daardie ander Staat belas word.

Article 16

Entertainers and Sportspersons

1. Notwithstanding the provisions of Articles 7 and 14, income derived by a resident of a Contracting State as an entertainer, such as a theatre, motion picture, radio or television artiste, or a musician, or as a sportsperson, from that person's personal activities as such exercised in the other Contracting State, may be taxed in that other State.

2. Where income in respect of personal activities exercised by an entertainer or a sportsperson in that person's capacity as such accrues not to the entertainer or sportsperson but to another person, that income may, notwithstanding the provisions of Articles 7 and 14, be taxed in the Contracting State in which the activities of the entertainer or sportsperson are exercised.

3. Notwithstanding the provisions of paragraphs 1 and 2, income derived by a resident of a Contracting State as an entertainer or sportsperson shall be exempt from tax by the other Contracting State if the visit to that other State is wholly or mainly supported by public funds of the first-mentioned State or a political subdivision or local authority thereof.

Article 17

Pensions and Annuities

1. Subject to the provisions of paragraph 2 of Article 18, pensions and other similar remuneration, and annuities, arising in a Contracting State and paid to a resident of the other Contracting State, may be taxed in the first-mentioned State.

2. The term "annuity" means a stated sum payable periodically at stated times during life or during a specified or ascertainable period of time under an obligation to make the payments in return for adequate and full consideration in money or money's worth.

Article 18

Government Service

1. (a) Salaries, wages and other similar remuneration paid by a Contracting State or a political subdivision or a local authority thereof to an individual in respect of services rendered to that State or subdivision or authority shall be taxable only in that State.
- (b) However, such salaries, wages and other similar remuneration shall be taxable only in the other Contracting State if the services are rendered in that State and the individual is a resident of that State who:
 - (i) is a national of that State; or
 - (ii) did not become a resident of that State solely for the purpose of rendering the services.

Artikel 16

Verhoogkunstenaars en Sportlui

1. Ondanks die bepalings van Artikels 7 en 14 kan inkomste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat as 'n verhoogkunstenaar, soos 'n teater-, rolprent-, radio- of televisie-arties, of 'n musikant, of as 'n sportpersoon, uit daardie persoon se persoonlike bedrywighede as sodanig wat in die ander Kontrakterende Staat beoefen word, in daardie ander Staat belas word.

2. Waar inkomste ten opsigte van persoonlike bedrywighede deur 'n verhoogkunstenaar of 'n sportpersoon in daardie persoon se hoedanigheid as sodanig beoefen, nie aan die verhoogkunstenaar of sportpersoon self toeval nie, maar aan 'n ander persoon, kan daardie inkomste, ondanks die bepalings van Artikels 7 en 14, belas word in die Kontrakterende Staat waarin die bedrywighede van die verhoogkunstenaar of sportpersoon beoefen word.

3. Ondanks die bepalings van paragrawe 1 en 2, is inkomste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat as 'n verhoogkunstenaar of sportpersoon vrygestel van belasting deur die ander Kontrakterende Staat indien die besoek aan die ander Staat geheel en al of hoofsaaklik gesteun word deur openbare fondse van eersgenoemde Staat of 'n staatkundige onderafdeling of plaaslike owerheid daarvan.

Artikel 17

Pensioene en Annuïteite

1. Behoudens die bepalings van paragraaf 2 van Artikel 18, kan pensioene en ander soortgelyke besoldiging, en annuïteite, wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, in die eersgenoemde Staat belas word.

2. Die uitdrukking "annuïteit beteken 'n vermeldde bedrag wat periodiek op vermeldde tye gedurende die lewe en gedurende 'n gespesifiseerde of vasstelbare tydperk betaalbaar is ingevolge 'n verpligting om die betalings te doen in ruil vir voldoende en volle vergoeding in geld of geldwaarde.

Artikel 18

Regeringsdiens

1. (a) Salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging betaal deur 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan aan 'n individu ten opsigte van dienste gelewer aan daardie Staat of onderafdeling of owerheid, is slegs in daardie Staat belasbaar.
- (b) Sodanige salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging is egter slegs in die ander Kontrakterende Staat belasbaar indien die dienste in daardie Staat gelewer word en die individu 'n inwoner van daardie Staat is wat:
 - (i) 'n burger van daardie Staat is; of
 - (ii) nie 'n inwoner van daardie Staat geword het met die uitsluitlike doel om die dienste te lewer nie.

2. (a) Notwithstanding the provisions of paragraph 1, pensions and other similar remuneration paid by, or out of funds created by, a Contracting State or a political subdivision or a local authority thereof to an individual in respect of services rendered to that State or subdivision or authority shall be taxable only in that State.
 - (b) However, such pensions and other similar remuneration shall be taxable only in the other Contracting State if the individual is a resident of, and a national of, that State.
3. The provisions of Articles 14, 15, 16 and 17 shall apply to salaries, wages, pensions, and other similar remuneration in respect of services rendered in connection with a business carried on by a Contracting State or a political subdivision or a local authority thereof.

Article 19

Students

A student who is present in a Contracting State solely for the purpose of the student's education or training and who is, or immediately before being so present was, a resident of the other Contracting State, shall be exempt from tax in the first-mentioned State on payments received from outside that first-mentioned State for the purposes of the student's maintenance, education or training.

Article 20

Other Income

1. Items of income of a resident of a Contracting State, wherever arising, not dealt with in the foregoing Articles of this Agreement shall be taxable only in that State.
2. The provisions of paragraph 1 shall not apply to income, other than income from immovable property as defined in paragraph 2 of Article 6, if the recipient of such income, being a resident of a Contracting State, carries on business in the other Contracting State through a permanent establishment situated therein and the right or property in respect of which the income is paid is effectively connected with such permanent establishment. In such case the provisions of Article 7 shall apply.
3. Notwithstanding the provisions of paragraphs 1 and 2, items of income of a resident of a Contracting State not dealt with in the foregoing Articles of the Agreement and arising in the other Contracting State may also be taxed in that other State.

2. (a) Ondanks die bepalings van paragraaf 1 is pensioene en ander soortgelyke besoldiging betaal deur, of uit fondse geskep deur, 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan aan 'n individu ten opsigte van dienste gelewer aan daardie Staat of onderafdeling of owerheid, slegs in daardie Staat belasbaar.
 - (b) Sodanige pensioene en ander soortgelyke besoldiging is belasbaar slegs in die ander Kontrakterende Staat indien die individu 'n inwoner, en 'n burger, is van daardie Staat.
3. Die bepalings van Artikels 14, 15, 16 en 17 is van toepassing op salarisse, lone, pensioene en ander soortgelyke besoldiging ten opsigte van dienste gelewer in verband met 'n besigheid wat gedryf word deur 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan.

Artikel 19

Studente

'n Student wat in 'n Kontrakterende Staat teenwoordig is uitsluitlik vir die doel van die student se onderrig of opleiding en wat, onmiddellik voor sodanige teenwoordigheid, 'n inwoner was van die ander Kontrakterende Staat, is in eersgenoemde Staat vrygestel van belasting op betalings ontvang van buite daardie eersgenoemde Staat vir die doeleindes van die student se onderhoud, onderrig of opleiding.

Artikel 20

Ander Inkomste

1. Inkomste-items van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, waar ook al dit ontstaan, wat nie in die voorgaande Artikels van hierdie Ooreenkoms hanteer word nie, is belasbaar slegs in daardie Staat.
2. Die bepalings van paragraaf 1 is nie op inkomste van toepassing nie, behalwe inkomste uit onroerende eiendom soos in paragraaf 2 van Artikel 6 omskryf, indien die ontvanger van sodanige inkomste, wat 'n ontvanger van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente instelling geleë daarin en die reg of eiendom ten opsigte waarvan die inkomste betaal word, doeltreffend verbind is met sodanige permanente instelling. In so 'n geval is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.
3. Ondanks die bepalings van paragrawe 1 en 2 is inkomste-items van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, wat nie in die voorgaande Artikels van die Ooreenkoms behandel is nie en in die ander Kontrakterende Staat ontstaan, in daardie ander Staat belasbaar

Article 21

Limitation on Benefits

1. A person (other than an individual) which is a resident of a Contracting State shall not be entitled under this Agreement to relief from taxation in the other Contracting State unless:

(a) (i) more than 50 per cent of the beneficial interest in such person (or in the case of a company more than 50 per cent of the number of shares of each class of the company's shares) is owned, directly or indirectly, by any combination of one or more of:

- (A) individuals who are residents of one of the Contracting States;
- (B) companies as described in subparagraph 1(b); and
- (C) one of the Contracting States, its political subdivisions or local authorities; and

(ii) in the case of relief from taxation under Articles 10, 11 and 12, not more than 50 per cent of the gross income of such person is used to make payments of dividends, interest and royalties to persons who are other than persons described in clauses (A) through (C) of subparagraph (a)(i), whether directly or indirectly; or

(b) it is a company which is a resident of a Contracting State and in whose principal class of shares there is substantial and regular trading on a recognized stock exchange.

2. Paragraph 1 shall not apply if the establishment, acquisition and maintenance of such a person and the conduct of its operations did not have as a principal objective the purpose of obtaining benefits under the Agreement.

3. For the purposes of paragraph 1(b), the term "a recognized stock exchange" means:

- (a) in Mexico, the Mexican Stock Exchange Market (Bolsa Mexicana de Valores);
- (b) in South Africa, the Johannesburg Stock Exchange;
- (c) any other stock exchange agreed upon by the competent authorities of the Contracting States.

4. Before a resident of a Contracting State is denied relief from taxation in the other Contracting State by reason of paragraphs 1, 2 or 3, the competent authorities of the Contracting States shall consult each other.

Artikel 21

Beperking op Voordele

1. 'n Persoon (wat nie 'n individu is nie) wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, is ingevolge hierdie Ooreenkoms nie geregtig op belastingverligting in die ander Kontrakterende Staat nie, tensy:

- (a) (i) meer as 50 persent van die voordelige rente in sodanige persoon (of in die geval van 'n maatskappy meer as 50 persent van die getal aandele van elke klas van die maatskappy se aandele) word besit, direk of indirek, deur 'n kombinasie van een of meer van die volgende:
 - (A) individue wat inwoners is van een van die Kontrakterende State;
 - (B) maatskappye soos beskryf in subparagraaf 1(b); en
 - (C) een van die Kontrakterende State, sy staatkundige onderverdelings of plaaslike owerhede; en
- (ii) in die geval van belastingverligting ingevolge Artikels 10, 11 en 12 word hoogstens 50 persent van die bruto inkomste van sodanige persoon gebruik om betalings van dividende, rente en tantième aan persone te doen uitgesonderd persone beskryf in klousules (A) tot (C) van subparagraaf (a)(i) hetsy direk of indirek; of
- (b) dit 'n maatskappy is wat 'n inwoner is van 'n Kontrakterende Staat en in wie se belangrikste aandele-klas daar aansienlike en gereelde verhandeling is op 'n erkende effektebeurs.

2. Paragraaf 1 is nie van toepassing nie indien die instelling, verkryging en instandhouding van sodanige persoon en die verrigting van sy bedrywighede nie as hoofmerk gehad het die doel om voordele te verkry ingevolge die Ooreenkoms nie.

3. Vir die doeleindes van paragraaf 1(b) beteken die uitdrukking "n erkende effektebeurs":

- (a) in Mexiko, die Mexikaanse Effektebeurs (Bolsa Mexicana de Valores);
- (b) in Suid-Afrika, die Johannesburgse Effektebeurs;
- (c) enige ander effektebeurs waarvoor ooreengekom is deur die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State.

4. Voordat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat belastingverligting in die ander Kontrakterende Staat geweier word, uit hoofde van paragrawe 1, 2 of 3, moet die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State met mekaar oorleg pleeg.

Article 22

Elimination of Double Taxation

1. Double taxation shall be eliminated as follows:
 - (a) in Mexico, in accordance with the provisions and subject to the limitations of the laws of Mexico, as may be amended from time to time without changing the general principle hereof, Mexico shall allow its residents as a credit against the Mexican tax:
 - (i) the South African tax paid on income arising in South Africa, in an amount not exceeding the tax payable in Mexico on such income; and
 - (ii) in the case of a company owning at least 10 per cent of the capital of a company which is a resident of South Africa and from which the first-mentioned company receives dividends, the South African tax paid by the distributing company with respect to the profits out of which the dividends are paid;
 - (b) in South Africa, subject to the provisions of the law of South Africa regarding the deduction from tax payable in South Africa of tax payable in any country other than South Africa (which shall not affect the general principle hereof), Mexican tax paid by residents of South Africa in respect of income taxable in Mexico, in accordance with the provisions of this Agreement, shall be deducted from the taxes due according to South African fiscal law. Such deduction shall not, however, exceed an amount which bears to the total South African tax payable the same ratio as the income concerned bears to the total income.
2. Where in accordance with any provision of the Agreement income derived by a resident of a Contracting State is exempt from tax in that State, such State may nevertheless, in calculating the amount of tax on the remaining income of such resident, take into account the exempted income.

Article 23

Non-discrimination

1. Nationals of a Contracting State shall not be subjected in the other Contracting State to any taxation or any requirement connected therewith, which is other or more burdensome than the taxation and connected requirements to which nationals of that other State in the same circumstances, in particular with respect to residence, are or may be subjected. This provision shall, notwithstanding the provisions of Article 1, also apply to persons who are not residents of one or both of the Contracting States.
2. The taxation on a permanent establishment which an enterprise of a Contracting State has in the other Contracting State shall not be less favourably levied in that other State than the taxation levied on enterprises of that other State carrying on the same activities. This provision shall not be construed as obliging a Contracting State to grant to residents of the other Contracting State any personal allowances, reliefs and reductions for taxation purposes on account of civil status or family responsibilities which it grants to its own residents.

Artikel 22

Uitskakeling van Dubbele Belasting

1. Dubbele belasting moet soos volg uitgeskakel word:
 - (a) in Mexiko, in ooreenstemming met die bepalings en behoudens die beperkings van die wette van Mexiko, soos van tyd tot tyd gewysig sonder om die algemene beginsel daarvan te verander, moet Mexiko sy inwoners as krediet teen die Mexikaanse belasting toelaat:
 - (i) die Suid-Afrikaanse belasting betaal op inkomste wat in Suid-Afrika ontstaan, in 'n bedrag wat nie die belasting oorskry wat betaalbaar is in Mexiko op sodanige inkomste; en
 - (ii) in die geval van 'n maatskappy wat minstens 10 persent van die kapitaal besit van 'n maatskappy wat 'n inwoner is van Suid-Afrika en waarvandaan eersgenoemde maatskappy dividende ontvang, die Suid-Afrikaanse belasting betaal deur die verspreidingsmaatskappy met betrekking tot die winste waaruit die dividende betaal word;
 - (b) in Suid-Afrika behoudens die bepalings van die reg van Suid-Afrika betreffende die aftrekking vanaf belasting betaalbaar in Suid-Afrika van belasting betaalbaar in enige ander land as Suid-Afrika (wat nie die algemene beginsel daarvan raak nie), word Mexikaanse belasting betaal deur inwoners van Suid-Afrika ten opsigte van inkomste belasbaar in Mexiko, ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ooreenkoms, afgetrek van die belastings verskuldig volgens Suid-Afrikaanse fiskale reg. Sodanige aftrekking mag egter nie 'n bedrag te bowe gaan wat in dieselfde verhouding tot die totale Suid-Afrikaanse belasting betaalbaar staan as wat die betrokke inkomste tot die totale inkomste staan nie.
2. Waar in ooreenstemming met 'n bepaling van die Ooreenkoms inkomste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat vrygestel is van belasting in daardie Staat, kan sodanige Staat nietemin, by die berekening van die bedrag belasting op die oorblywende inkomste van sodanige inwoner, die vrygestelde inkomste in aanmerking neem.

Artikel 23

Nie-diskriminasie

1. Burgers van 'n Kontrakterende Staat mag nie in die ander Kontrakterende Staat onderwerp word aan 'n belasting of enige vereiste in verband daarmee nie, wat anders of swaarder is as die belasting en die daaraan verbonde vereistes waaraan burgers van daardie ander Staat onder dieselfde omstandighede, veral met betrekking tot verblyf, onderworpe is of onderwerp kan word nie. Hierdie bepaling is, ondanks die bepalings van Artikel 1, ook van toepassing op persone wat nie inwoners van een van of albei die Kontrakterende State is nie.
2. Die belasting op 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, word nie in daardie ander Staat op 'n minder gunstige wyse gehef as die belasting wat gehef word op ondernemings van daardie ander Staat wat dieselfde bedrywighede beoefen nie. Niks in hierdie Artikel word vertolk nie as sou dit 'n Kontrakterende Staat verplig om aan inwoners van die ander Kontrakterende Staat enige persoonlike kortings, verligtings en verminderings vir belastingdoeleindes toe te staan op grond van burgerlike status of gesinsverantwoordelikhede wat aan sy eie inwoners toegestaan word nie.

3. Except where the provisions of paragraph 1 of Article 9, paragraph 7 of Article 11 or paragraph 6 of Article 12 apply, interest, royalties and other disbursements paid by an enterprise of a Contracting State to a resident of the other Contracting State shall, for the purpose of determining the taxable profits of such enterprise, be deductible under the same conditions as if they had been paid to a resident of the first-mentioned State.

4. Enterprises of a Contracting State, the capital of which is wholly or partly owned or controlled, directly or indirectly, by one or more residents of the other Contracting State, shall not be subjected in the first-mentioned State to any taxation or any requirement connected therewith which is other or more burdensome than the taxation and connected requirements to which other similar enterprises of the first-mentioned State are or may be subjected.

5. Nothing contained in this Article shall prevent South Africa from imposing on the profits attributable to a permanent establishment in South Africa of a company, which is a resident of Mexico, a tax at a rate which does not exceed the rate of normal tax on companies by more than five percentage points.

6. The provisions of this Article shall, notwithstanding the provisions of Article 2, apply to taxes of every kind and description.

Article 24

Mutual Agreement Procedure

1. Where a person considers that the actions of one or both of the Contracting States result or will result for that person in taxation not in accordance with the provisions of this Agreement, that person may, irrespective of the remedies provided by the domestic law of those States, present a case to the competent authority of the Contracting State of which the person is a resident or, if the case comes under paragraph 1 of Article 23, to that of the Contracting State of which the person is a national. The case must be presented within three years from the first notification of the action resulting in taxation not in accordance with the provisions of the Agreement.

2. The competent authority shall endeavour, if the objection appears to it to be justified and if it is not itself able to arrive at a satisfactory solution, to resolve the case by mutual agreement with the competent authority of the other Contracting State, with a view to the avoidance of taxation which is not in accordance with the Agreement provided that the competent authority of the other Contracting State is notified of the case within four and a half years from the first notification referred to in paragraph 1. In such case, any agreement reached shall be implemented within ten years from the first notification referred to in paragraph 1, or a longer period if permitted by the domestic law of that other State.

3. The competent authorities of the Contracting States shall endeavour to resolve by mutual agreement any difficulties or doubts arising as to the interpretation or application of the Agreement. They may also consult together for the elimination of double taxation in cases not provided for in the Agreement.

4. The competent authorities of the Contracting States may communicate with each other directly for the purpose of reaching an agreement in the sense of the preceding paragraphs.

3. Uitgesonderd waar die bepalings van paragraaf 1 van Artikel 9, paragraaf 7 van Artikel 11 of paragraaf 6 van Artikel 12 van toepassing is, is rente, tantième en ander uitbetalings betaal deur 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, vir doeleindes van die vasstelling van die belasbare winste van sodanige onderneming, aftrekbaar op dieselfde voorwaardes as wat sou geld indien dit aan 'n inwoner van eersgenoemde Staat betaal is.

4. Ondernemings van 'n Kontrakterende Staat waarvan die kapitaal ten volle of gedeeltelik besit of beheer word, regstreeks of onregstreeks, deur een of meer inwoners van die ander Kontrakterende Staat, mag nie in eersgenoemde Staat onderwerp word aan enige belasting of enige vereiste in verband daarmee wat anders of swaarder is as die belasting en die daaraan verbonde vereistes waaraan ander soortgelyke maatskappye wat inwoners van eersgenoemde Staat is, onderworpe is of onderwerp kan word nie.

5. Niks vervat in hierdie Artikel verhoed Suid-Afrika om op die winste toeskryfbaar aan 'n permanente saak in Suid-Afrika van 'n maatskappy, wat 'n inwoner is van Mexiko, 'n belasting te hef teen 'n koers wat nie die koers van normale belasting op maatskappye met meer as vyf persentasiepunte oorskry nie.

6. Die bepalings van hierdie Artikel is ondanks die bepalings van Artikel 2 van toepassing op elke soort en beskrywing.

Artikel 24

Prosedure vir Onderlinge Ooreenkoms

1. Waar 'n persoon van mening is dat die optrede van een van of van albei die Kontrakterende State tot gevolg het of tot gevolg sal hê dat daardie persoon nie ooreenkomstig die bepalings van hierdie Konvensie belas word nie, kan daardie persoon, ongeag die regsmiddels waarvoor die landsreg van daardie State voorsiening maak, 'n saak stel aan die bevoegde owerheid van die Kontrakterende Staat waarvan die persoon 'n inwoner is of, indien die saak onder paragraaf 1 van Artikel 23 ressorteer, aan dié van die Kontrakterende Staat waarvan die persoon 'n burger is. Die saak moet gestel word binne drie jaar vanaf die eerste kennisgewing van die handeling wat gelei het tot belasting wat nie ooreenkomstig die bepalings van die Konvensie is nie.

2. Die bevoegde owerheid moet, indien die beswaar vir hom geregverdig voorkom en hy nie self 'n geskikte oplossing kan vind nie, probeer om die saak deur onderling ooreenkoms met die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat te besleg ten einde belasting te vermy wat nie in ooreenstemming met die Konvensie is nie, mits die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat van die geval in kennis gestel word binne vier en 'n half jaar vanaf die eerste kennisgewing bedoel in paragraaf 1, of 'n langer tydperk indien toegelaat deur die landsreg van daardie ander Staat

3. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet probeer om deur onderlinge ooreenkoms enige probleme of twyfel uit die weg te ruim wat ontstaan betreffende die vertolking of toepassing van die Ooreenkoms. Hulle kan ook oorleg pleeg vir die uitskakeling van dubbele belasting in gevalle wat nie in die Ooreenkoms bepaal word nie.

4. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State kan regstreeks met mekaar kommunikeer met die doel om tot 'n ooreenkoms te geraak soos in die voorgaande paragrawe beoog.

Article 25

Exchange of Information

1. The competent authorities of the Contracting States shall exchange such information as is foreseeably relevant for carrying out the provisions of this Agreement or to the administration or enforcement of the domestic laws concerning taxes of every kind and description imposed on behalf of the Contracting States, or of their political subdivisions in so far as the taxation thereunder is not contrary to the Agreement. The exchange of information is not restricted by Articles 1 and 2.

2. Any information received under paragraph 1 by a Contracting State shall be treated as secret in the same manner as information obtained under the domestic laws of that State and shall be disclosed only to persons or authorities (including courts and administrative bodies) concerned with the assessment or collection of, the enforcement or prosecution in respect of, the determination of appeals in relation to the taxes referred to in paragraph 1, or the oversight of the above. Such persons or authorities shall use the information only for such purposes. They may disclose the information in public court proceedings or in judicial decisions.

3. In no case shall the provisions of paragraphs 1 and 2 be construed so as to impose on a Contracting State the obligation:

- (a) to carry out administrative measures at variance with the laws and administrative practice of that or of the other Contracting State;
- (b) to supply information which is not obtainable under the laws or in the normal course of the administration of that or of the other Contracting State;
- (c) to supply information which would disclose any trade, business, industrial, commercial or professional secret or trade process, or information the disclosure of which would be contrary to public policy (*ordre public*).

4. If information is requested by a Contracting State in accordance with this Article, the other Contracting State shall use its information gathering measures to obtain the requested information, even though that other State may not need such information for its own tax purposes. The obligation contained in the preceding sentence is subject to the limitations of paragraph 3 but in no case shall such limitations be construed to permit a Contracting State to decline to supply information solely because it has no domestic interest in such information.

5. In no case shall the provisions of paragraph 3 be construed to permit a Contracting State to decline to supply information solely because the information is held by a bank, other financial institution, nominee or person acting in an agency or a fiduciary capacity or because it relates to ownership interests in a person.

Artikel 25

Uitruil van Inligting

1. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet sodanige inligting uitruil as wat voorsienbaar tersaaklik is vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Konvensie of vir die administrasie of afdwing van die landsreg aangaande belastings van enige aard en beskrywing opgelê namens die Kontrakterende State, of hulle staatkundige onderafdelings vir sover die belasting daarkragtens nie strydig met die Ooreenkoms is nie. Die uitruil van inligting word nie deur artikels 1 en 2 beperk nie.

2. Enige inligting ontvang deur 'n Kontrakterende Staat word as geheim behandel op dieselfde wyse as wat inligting ingevolge die landsreg van daardie Staat verkry word en mag openbaar gemaak word slegs aan persone of owerhede (met inbegrip van howe en administratiewe liggame) betrokke by die aanslaan of invordering van, die afdwing of vervolging ten opsigte van, of die beslissing van appèlle in verband met die belastings in die paragraaf 1 bedoel, of die versuim van bogenoemde. Sodanige persone of owerhede mag die inligting slegs vir sodanige doeleindes gebruik. Hulle mag die inligting by openbare hofverrigtinge of by regterlike beslissings openbaar maak.

3. In geen geval mag die bepalings van paragraaf 1 en 2 vertolk word nie as sou dit 'n Kontrakterende Staat die verpligting oplê om:

- (a) administratiewe maatreëls uit te voer wat strydig is met die wette en administratiewe praktyk van daardie of van die ander Kontrakterende Staat;
- (b) inligting te verstrek wat nie kragtens die wette of in die normale loop van die administrasie van daardie of van die ander Kontrakterende Staat verkrygbaar is nie;
- (c) inligting te verstrek wat enige handels-, besigheids-, industriële, kommersiële of professionele geheim of handelsproses sou openbaar, of inligting te verstrek waarvan die openbaarmaking strydig met openbare beleid (*ordre public*) sou wees.

4. Indien inligting deur 'n Kontrakterende Staat in ooreenstemming met hierdie Artikel versoek word, moet die ander Kontrakterende Staat sy maatreëls vir die inwin van inligting gebruik om die verlangde inligting te verkry, selfs al het daardie ander Staat nie sodanige inligting vir sy eie belastingdoeleindes nodig nie. Die verpligting vervat in voorgaande sin is onderworpe aan die beperkings van paragraaf 3 maar in geen geval moet sodanige beperkings vertolk word asof dit 'n Kontrakterende Staat toelaat om te weier om inligting te verskaf bloot omdat dit geen binnelandse belang in sodanige inligting het nie.

5. In geen geval mag die bepalings van paragraaf 3 vertolk word asof dit 'n Kontrakterende Staat toelaat om te weier om inligting te verskaf bloot omdat die inligting gehou word deur 'n bank, ander finansiële instelling, genomineerde of persoon wat waarneem in 'n agentskap of 'n fidusiêre hoedanigheid of omdat dit betrekking het op eienaarskapsbelange in 'n persoon.

Article 26***Assistance in the Collection of Taxes***

1. The Contracting States shall lend assistance to each other in the collection of revenue claims. This assistance is not restricted by Articles 1 and 2. The competent authorities of the Contracting States may by mutual agreement settle the mode of application of this Article.

2. The term "revenue claim" as used in this Article means an amount owed in respect of taxes of every kind and description imposed on behalf of the Contracting States, or of their political subdivisions or local authorities, in so far as the taxation thereunder is not contrary to this Agreement or any other instrument to which the Contracting States are parties, as well as interest, administrative penalties and costs of collection or conservancy related to such amount.

3. When a revenue claim of a Contracting State is enforceable under the laws of that State and is owed by a person who, at that time, cannot, under the laws of that State, prevent its collection, that revenue claim shall, at the request of the competent authority of that State, be accepted for purposes of collection by the competent authority of the other Contracting State. That revenue claim shall be collected by that other State in accordance with the provisions of its laws applicable to the enforcement and collection of its own taxes as if the revenue claim were a revenue claim of that other State.

4. When a revenue claim of a Contracting State is a claim in respect of which that State may, under its law, take measures of conservancy with a view to ensure its collection, that revenue claim shall, at the request of the competent authority of that State, be accepted for purposes of taking measures of conservancy by the competent authority of the other Contracting State. That other State shall take measures of conservancy in respect of that revenue claim in accordance with the provisions of its laws as if the revenue claim were a revenue claim of that other State even if, at the time when such measures are applied, the revenue claim is not enforceable in the first-mentioned State or is owed by a person who has a right to prevent its collection.

5. Notwithstanding the provisions of paragraphs 3 and 4, a revenue claim accepted by a Contracting State for purposes of paragraph 3 or 4 shall not, in that State, be subject to the time limits or accorded any priority applicable to a revenue claim under the laws of that State by reason of its nature as such. In addition, a revenue claim accepted by a Contracting State for the purposes of paragraph 3 or 4 shall not, in that State, have any priority applicable to that revenue claim under the laws of the other Contracting State.

6. Proceedings with respect to the existence, validity or the amount of a revenue claim of a Contracting State shall not be brought before the courts or administrative bodies of the other Contracting State.

Artikel 26

Bystand met Invordering

1. Die Kontrakterende State moet bystand aan mekaar verleen met die invordering van inkomste-eise. Hierdie bystand is nie beperk tot Artikels 1 en 2 nie. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State beslis deur onderlinge ooreenkoms die wyse van toepassing van hierdie Artikel.
2. Die uitdrukking "inkomste-eis" soos in hierdie Artikel gebruik, beteken 'n bedrag verskuldig ten opsigte van belastings van elke soort en beskrywing opgelê namens die Kontrakterende State, of namens hulle staatkundige onderafdelings of plaaslike owerhede, vir sover die belasting daarvolgens nie teen hierdie Ooreenkoms of enige ander instrument is waarby die Kontrakterende State partye is, sowel as rente, administratiewe strawwe en koste van invordering of bewaring wat met sodanige bedrag verband hou.
3. Wanneer 'n inkomste-eis van 'n Kontrakterende Staat afdwingbaar is ingevolge die wette van daardie Staat en verskuldig is deur 'n persoon wat op daardie tydstip, ingevolge die wette van daardie Staat, nie die invordering daarvan kan verhoed nie, moet daardie inkomste-eis, op versoek van die bevoegde owerheid van daardie Staat, aanvaar word vir doeleindes van invordering deur die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat. Daardie inkomste-eis moet ingesamel word deur daardie ander Staat in ooreenstemming met die bepalings van sy wette van toepassing op die afdwing en invordering van sy eie belastings asof die inkomste-eis 'n inkomste-eis van daardie ander Staat is.
4. Wanneer 'n inkomste-eis van 'n Kontrakterende Staat 'n eis is ten opsigte waarvan daardie Staat, ingevolge sy wet, maatreëls vir bewaring kan tref met die doel om die invordering daarvan te verseker, moet daardie inkomste-eis, op versoek van die bevoegde owerheid van daardie Staat, aanvaar word vir die doeleindes van die tref van maatreëls van bewaring deur die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat. Daardie ander Staat moet maatreëls vir bewaring tref ten opsigte van daardie inkomste-eis in ooreenstemming met die bepalings van sy wette asof die inkomste-eis 'n inkomste-eis van daardie ander Staat was selfs al is die inkomste-eis, op die tydstip toe sodanige maatreëls toegepas is, nie afdwingbaar in die eersgenoemde Staat nie of verskuldig word deur 'n persoon wat 'n reg het om die invordering daarvan te verhoed.
5. Ondanks die bepalings van paragrafe 3 en 4, is 'n inkomste-eis wat deur 'n Kontrakterende Staat aanvaar is vir die doeleindes van paragraaf 3 of 4, nie in daardie Staat onderworpe aan die tydsbeperkinge of enige voorkeur verleen word wat van toepassing is op 'n inkomste-eis ingevolge die wette van daardie Staat nie, as gevolg van sy aard as sodanig. Daarbewens het 'n inkomste-eis wat deur 'n Kontrakterende Staat aanvaar is vir die doeleindes van paragraaf 3 of 4, nie in daardie Staat enige voorkeur van toepassing op daardie inkomste-eis ingevolge die wette van die ander Staat nie.
6. Verrigtinge ten opsigte van die bestaan, geldigheid of die bedrag van 'n inkomste-eis van 'n Kontrakterende Staat mag nie voor die howe of administratiewe liggame van die ander Kontrakterende Staat gebring word nie.

7. Where, at any time after a request has been made by a Contracting State under paragraph 3 or 4 and before the other Contracting State has collected and remitted the relevant revenue claim to the first-mentioned State, the relevant revenue claim ceases to be

- (a) in the case of a request under paragraph 3, a revenue claim of the first-mentioned State that is enforceable under the laws of that State and is owed by a person who, at that time, cannot, under the laws of that State, prevent its collection, or
- (b) in the case of a request under paragraph 4, a revenue claim of the first-mentioned State in respect of which that State may, under its laws, take measures of conservancy with a view to ensure its collection

the competent authority of the first-mentioned State shall promptly notify the competent authority of the other State of that fact and, at the option of the other State, the first-mentioned State shall either suspend or withdraw its request.

8. In no case shall the provisions of this Article be construed so as to impose on a Contracting State the obligation:

- (a) to carry out administrative measures at variance with the laws and administrative practice of that or of the other Contracting State;
- (b) to carry out measures which would be contrary to public policy (*ordre public*);
- (c) to provide assistance if the other Contracting State has not pursued all reasonable measures of collection or conservancy, as the case may be, available under its laws or administrative practice;
- (d) to provide assistance in those cases where the administrative burden of that State is clearly disproportionate to the benefit to be derived by the other Contracting State.

Article 27

Members of Diplomatic Missions and Consular Posts

Nothing in this Agreement shall affect the fiscal privileges of members of diplomatic missions or consular posts under the general rules of international law or under the provisions of special agreements.

7. Waar te eniger tyd nadat 'n versoek gedoen is deur 'n Kontrakterende Staat ingevolge paragraaf 3 of 4 en voor die ander Kontrakterende Staat die tersaaklike inkomste-eis ingevorder en oorgemaak het aan die eersgenoemde Staat, hou die tersaaklike inkomste-eis op om

- (a) in die geval van 'n versoek ingevolge paragraaf 3 'n inkomste-eis van die eersgenoemde Staat te wees wat afdwingbaar is ingevolge die wette van daardie Staat en geskuld word deur 'n persoon wat op daardie tydstip ingevolge die wette van daardie Staat nie die invordering daarvan kan voorkom nie.
- (b) in die geval van 'n versoek ingevolge paragraaf 4 'n inkomste-eis van die eersgenoemde Staat te wees ten opsigte waarvan daardie Staat ingevolge sy wette maatreëls van bewaring met die oog op die versekering van die invordering daarvan kan tref

die bevoegde owerheid van eersgenoemde Staat moet die bevoegde owerheid van die ander Staat dadelik verwittig van daardie feit en, na die keuse van die ander Staat, moet eersgenoemde Staat sy versoek hetsy opskort of terugtrek.

8. In geen geval mag die bepalings van hierdie Artikel so vertolk word dat dit op 'n Kontrakterende Staat die verpligting te plaas om:

- (a) administratiewe maatreëls uit te voer wat strydig is met die wette en administratiewe praktyk van daardie of die ander Kontrakterende Staat nie;
- (b) maatreëls uit te voer wat strydig met die openbare beleid (*ordre public*) sal wees;
- (c) bystand te verleen nie indien die ander Kontrakterende Staat nie alle redelike maatreëls van invordering of bewaring, na gelang van die geval, beskikbaar ingevolge sy wette of administratiewe praktyk getref het nie;
- (d) om bystand te verleen nie in daardie gevalle waar die administratiewe las van daardie Staat duidelik buite verhouding is met die voordeel verkry van die ander Kontrakterende Staat.

Artikel 27

Lede van Diplomatieke Missies en Konsulêre Poste

Niks in hierdie Ooreenkoms raak die fiskale voorregte van lede van diplomatieke missies of konsulêre poste ingevolge die algemene reëls van die volkereg of ingevolge die bepalings van spesiale ooreenkomste nie.

Article 28***Entry into Force***

1. Each of the Contracting States shall notify to the other in writing, through the diplomatic channel, of the completion of the procedures required by its law for the bringing into force of this Agreement. The Agreement shall enter into force on the date of receipt of the later of these notifications.

2. The provisions of the Agreement shall apply:

- (a) with regard to taxes withheld at source, in respect of amounts paid or credited on or after the first day of January next following the date upon which the Agreement enters into force; and
- (b) with regard to other taxes, in respect of taxable years beginning on or after the first day of January next following the date upon which the Agreement enters into force.

Article 29***Termination***

1. This Agreement shall remain in force indefinitely but either of the Contracting States may terminate the Agreement, through the diplomatic channel, by giving to the other Contracting State written notice of termination not later than 30 June of any calendar year starting five years after the year in which the Agreement entered into force.

2. In such event the Agreement shall cease to apply:

- (a) with regard to taxes withheld at source, in respect of amounts paid or credited after the end of the calendar year in which such notice is given; and
- (b) with regard to other taxes, in respect of taxable years beginning after the end of the calendar year in which such notice is given.

IN WITNESS WHEREOF the undersigned, being duly authorised by their respective Governments, have signed and sealed this Agreement in duplicate in the English and Spanish languages, both texts being equally authentic. In case of diversion of interpretation the English text shall prevail.

DONE at Cape Town, on this 19th day of February in the year 2009

**FOR THE REPUBLIC OF
SOUTH AFRICA**

**FOR THE UNITED MEXICAN
STATES**

Artikel 28***Inwerkingtreding***

1. Elkeen van die Kontrakterende State moet mekaar, deur middel van die diplomatieke kanaal, skriftelik kennis gee van die afhandeling van die prosedures vereis deur sy wet vir die inwerkingstelling van hierdie Ooreenkoms. Die Ooreenkoms tree in werking op die datum van ontvangs van die laaste van hierdie kennisgewings.

2. Die bepalings van die Ooreenkoms is van toepassing:

- (a) met betrekking tot belastings wat by die bron weerhou word, ten opsigte van bedrae betaal of gekrediteer op of na die eerste dag van die tweede maand eersvolgende op die datum waarop die Ooreenkoms in werking tree; en
- (b) met betrekking tot ander belastings ten opsigte van jare van aanslag beginnende op of na die eerste dag van Januarie eersvolgende op die datum waarop die Ooreenkoms in werking tree.

Artikel 29***Opsegging***

1. Hierdie Ooreenkoms bly onbepaald van krag maar enigeen van die Kontrakterende State kan die Ooreenkoms deur middel van die diplomatieke kanaal opsê deur die ander Kontrakterende Staat skriftelik kennis van opsegging te gee voor of op 30 Junie in enige kalenderjaar beginnende vyf jaar na die jaar waarin die Ooreenkoms in werking getree het.

2. In sodanige geval is die Ooreenkoms nie meer van krag nie:

- (a) met betrekking tot belastings wat by die bron weerhou word, ten opsigte van bedrae betaal of gekrediteer na die einde van die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee is; en
- (b) met betrekking tot ander belastings, ten opsigte van belasbare jare beginnende na die einde van die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee is.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekende, behoorlik daartoe gemagtig deur hul onderskeie Regerings, hierdie Ooreenkoms onderteken en beseël het in tweevoud in die Engelse en Spaanse tale, beide tekste ewe outentiek. In die geval waar die vertolking verskil, geld die Engelse teks.

GEDOEN te Kaapstad, op hede die 19de dag van Februarie in die jaar 2009

**NAMENS DIE REPUBLIEK
VAN SUID-AFRIKA**

**NAMENS DIE VERENIGDE
MEXIKAANSE STATE**

PROTOCOL

At the time of signing the Agreement between the Republic of South and the Africa United Mexican States for the Avoidance of Double Taxation and the Prevention of Fiscal Evasion with respect to Taxes on Income, the undersigned have agreed that the following provisions shall form an integral part of the Agreement:

1. With reference to Article 2

It is understood that a tax on dividends will constitute an identical or substantially similar tax as envisaged in paragraph 4.

2. With reference to Article 5

The competent authorities of the Contracting States shall by mutual agreement settle the mode of application of subparagraph f) of paragraph 4 of Article 5 of the Convention.

3. With reference to Article 11

For the purposes of the provisions in the second part of paragraph 6 of Article 11, if the loan is incurred by the head office of the enterprise and the amount in question affects several permanent establishments situated in different countries, then the interest shall be deemed to arise in the Contracting State in which the permanent establishment is situated, but only so much of the interest payment that is allowed as a deduction to that permanent establishment.

4. With reference to Article 12

For the purposes of the provisions in the second part of subparagraph (a) of paragraph 5 of Article 12, where the obligation to pay royalties is incurred by the head office of the enterprise and the right or property in respect of which they are paid is effectively connected with several permanent establishments situated in different countries, then the royalties shall be deemed to arise in the Contracting State in which the permanent establishment is situated, but only so much of the royalty payment that is allowed as a deduction to that permanent establishment.

5. With reference to Article 15

It is understood that in the case of Mexico the provisions of the Article shall apply also to an "administrador" or a "comisario".

PROTOKOL

Tydens die ondertekening van die Ooreenkoms tussen die Republiek van Suid-Afrika en die Verenigde Mexikaanse State vir die Vermyding van Dubbele Belasting en die Voorkoming van Fiskale Ontduiking met betrekking tot Belasting op Inkomste, het die ondergetekendes ooreengekom op die volgende bepalings wat 'n integrerende deel van die Konvensie uitmaak.

1. Met verwysing na Artikel 2

Is die verstandhouding dat 'n belasting op dividende 'n identiese of grootliks soortgelyke belasting sal uitmaak soos in paragraaf 4 beoog.

2. Met verwysing na Artikel 5

Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet deur onderlinge ooreenkoms die wyse van toepassing van subparagraaf (f) van paragraaf 4 van Artikel 5 van die Ooreenkoms bepaal.

3. Met verwysing na Artikel 11

Vir die doeleindes van die bepalings in die tweede deel van paragraaf 6 van Artikel 11, indien die lening aangegaan is deur die hoofkantoor van die onderneming en die bedrag ter sprake etlike permanente sake raak wat in verskillende lande geleë is, dan sal die rente geag word ontstaan het in die Kontrakterende Staat waarin die permanente saak geleë is, maar slegs soveel van die rentebetaling wat toelaatbaar is as 'n aftrekking vir daardie permanente saak.

4. Met verwysing na Artikel 12

Vir die doeleindes van die bepalings in die tweede deel van subparagraaf (a) van paragraaf 5 van Artikel 12, waar die verpligting om tantième te betaal ontvang is deur die hoofkantoor van die onderneming en die reg of eiendom ten opsigte waarvan hulle betaal word, effektief verbind is met etlike permanente sake geleë in verskillende lande, sal die tantième geag word te ontstaan in die Kontrakterende Staat waarin die permanente saak geleë is, maar slegs soveel van die tantième-betaling wat toegelaat word as aftrekking vir daardie permanente saak.

5. Met verwysing na Artikel 15

Die verstandhouding is dat in die geval van Mexiko die bepalings van die Artikel van toepassing is op "administrador" of 'n "comisario".

6. With reference to Article 23

It is understood that the provisions of paragraph 5 take account of the fact that the South African branch of a non-resident enterprise is subject to normal tax in South Africa at a rate of 34 per cent. A domestic company is subject to tax at the rate of 29 per cent but will become liable to payment of the secondary tax on companies at a rate of 12.5 per cent should there be a distribution of profit. The non-resident company is not liable for the payment of the secondary tax on companies in respect of the profits of its South African branch. In case South Africa should abolish the secondary tax on companies without replacing it with a similar tax, the provisions of paragraph 5 will cease to have effect from the date on which the secondary tax on companies is abolished.

7. In general

- (a) It is understood that the Contracting States shall endeavour to apply the provisions of this Agreement in accordance with the Commentaries on the Articles of the Model Tax Convention on Income and on Capital drawn up from time to time by the OECD Committee of Fiscal Affairs to the extent that the provisions contained in the Agreement correspond to those set forth under that Model.
- (b) The provisions of the Agreement shall not prevent a Contracting State from applying its provisions regarding controlled foreign corporations (in the case of Mexico, preferential tax regimes).
- (c) Notwithstanding any other treaties to which the Contracting States are or may become parties, any dispute over a measure taken by a Contracting State involving a tax covered by Article 2 or, in the case of non-discrimination, any taxation measure taken by a Contracting State, including a dispute whether the Agreement applies, shall be settled only under the Agreement, unless the competent authorities of the Contracting States agree otherwise.

IN WITNESS WHEREOF the undersigned, being duly authorised by their respective Governments, have signed and sealed this Protocol in duplicate in the English and Spanish languages, both texts being equally authentic. In case of diversion of interpretation the English text shall prevail.

DONE at Cape Town, on this 19th day of February in the year 2009

**FOR THE REPUBLIC OF
SOUTH AFRICA**

**FOR THE UNITED MEXICAN
STATES**

6. Met verwysing na artikel 23

Die verstandhouding is dat die bepalings van paragraaf 5 die feit in aanmerking neem dat die Suid-Afrikaanse tak van 'n nie-inwoner-onderneming is onderworpe aan die normale belasting in Suid-Afrika teen 'n koers van 34 persent. 'n Binnelandse maatskappy is onderworpe aan belasting teen die koers van 29 persent maar sal verantwoordbaar word aan betaling van die sekondêre belasting op maatskappye teen 'n koers van 12.5 persent indien daar 'n uitkering van wins is. Die nie-inwoner-maatskappy is nie aanspreeklik vir die betaling van die sekondêre belasting op maatskappye ten opsigte van die winste van sy Suid-Afrikaanse tak nie. Indien Suid-Afrika die sekondêre belasting afskaf sonder om dit deur 'n soortgelyke belasting te vervang, hou die bepalings van paragraaf 5 op om van krag te wees vanaf die datum waarop die sekondêre belasting op maatskappye afgeskaf is.

7. Algemeen

- (a) Daar word begryp dat die Kontrakterende State moet probeer om die bepalings van hierdie Ooreenkoms toe te pas in ooreenstemming met die Kommentare op die Artikels van die Model-Belastingkonvensie oor Inkomste en oor Kapitaal wat van tyd tot tyd deur die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling opgestel word in die mate dat die bepalings vervat in die Ooreenkoms ooreenstem met dié wat volgens daardie Model opgestel is.
- (b) Die bepalings van die Ooreenkoms verhoed nie 'n Kontrakterende Staat om sy bepalings toe te pas betreffende beheerde buitelandse korporasies (in die geval van Mexiko, voorkeurbelastingstelsels).
- (c) Ondanks enige ander verdrae waarby die Kontrakterende State partye is of kan word, moet enige geskil oor 'n maatreël ingestel deur 'n Kontrakterende Staat rakende 'n belasting gedek deur Artikel 2 of, in die geval van niediskriminasie, 'n belastingmaatreël getref deur 'n Kontrakterende Staat, insluitende 'n geskil oor of die Ooreenkoms van toepassing is, moet geskik word slegs ingevolge die Ooreenkoms, tensy die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State anders ooreenkom.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig deur hulle onderskeie Regerings, hierdie Protokol onderteken en geseël het in tweevoud in die Engelse en Spaanse tale, albei tale ewe outentiek. In die geval waar die vertolking verskil, geld die Engelse teks.

GEDOEN te Kaapstad, op hede die 19de dag van Februarie in die jaar 2009

**NAMENS DIE REPUBLIEK
VAN SUID-AFRIKA**

**NAMENS DIE VERENIGDE
MEXIKAANSE STATE**